16 Junie 1976, 12/13
Zirk v.d Berg, 15.

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad



15 Junie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

**Sampie in Moskou - en in die warm water - bl 3&18**

# 'Regering onderskat regse militêre aanslag'

HENNIE SERFONTEIN

**DAAR is onheilspellende gevaartekens dat die Nasionale Party-regering besig is om die erns van die groeiende ver-regse militêre bedreiging totaal te onderskat.**

**Politieke kenners sê dit lyk of die regering òf onwillig is, òf eenvoudig net nie in staat is om op te tree teen openlike, dislojale regse elemente in die SA Polisie en SA Weermag nie.**

In die lig hiervan word gevra: Is die regering besig om die politieke beheer oor die regse veiligheidsituasie te verloor?

Is die regering werklik ten volle ingelig oor regse komplotte deur 'n veiligheidstruktuur wat in die verlede hoogs suksesvol was in optrede teen ANC-insypelaars?

Volgens inligting in Vrye Weekblad se besit is daar alle rede om te glo dat die ver-regses dodelik ernstig is met die organisering en beplanning van hul private leërs met die uiteindelike doel om teikens aan te val en terreur te pleeg.

Optredes word beplan op 'n skaal en omvang wat skrikwekkend is. Aanvalle word glo beplan op kragstasies en soortgelyke lewensbelangrike installasies. Daar word gepraat van watervoorrade wat vergiftig gaan word en leiersfigure wat om die lewe gebring gaan word.

Sou dit werklikheid word, kan dit die huidige onderhandelingsproses tussen die ANC en die regering ernstig benadeel, want beide word fisiek bedreig.

Dr Frederik van Zyl Slabbert, mede-direkteur van Idasa en gewese leier van die Opposisie, rig 'n ernstige waarskuwing: "Dit is 'n uiters gevaarlike situasie. Dit mag ontstaan in 'n periode van politieke oorgang as daar onduidelikheid bestaan oor die rol en onpartydigheid van die veiligheidsmagte.

"Die hele oorgangsfase mag ook bedreig word as daar kompeterende veiligheidsorganisasies binne die veiligheidsopset begin ontwikkel wat nie net die hele proses van magsverskuiwing bedreig nie, maar dit doelbewus ondermyn.

"Daar kan geen doeltreffende bedinging plaasvind teen 'n agtergrond van agterdog, gevaar en ondermyning nie," sê Slabbert.

Die eerste bron van kommer is die gewapende regse kommando's wat openlik en op groot skaal in 'n hele aantal dorpe en stede georganiseer word. Hul bestaan as militêre eenhede van die

*Vervolg op bl 2*



**"In die naam van genade" het Regter Cecil Margo dié week slopers gevra om deernis te hê met plakkers. Hy het 'n interdik teen die sloping van plakkershuise in Midrand toegestaan. Op die foto staan 'n jong slagoffer van nóg 'n slopingsaksie: dié in Pholapark aan die Oos-Rand.** *(Foto: Walter Dhladhla - AFP)*

# De Klerk onttrek hom aan kerkeberaad

INA VAN DER LINDE

**STAATSPRESIDENT FW DE KLERK het hom formeel onttrek aan die kerkeberaad wat onder sy beskerming sou plaasvind.**

Die belangrike deurbraak volg na delikate onderhandelings die afgelope paar weke agter die skerms tussen dr Louw Alberts, die sameroeper van die beraad, eerw Frank Chikane, hoofsekretaris van die SA Raad van Kerke (SARK), en dr Allan Boesak, moderator van die NG Sendingkerk en lid van die uitvoerende komitee van die SARK.

Chikane het gister gesê die besluit van die Staatspresident om hom aan die beraad te onttrek, word verwelkom. "Dit is bekend dat ons nog altyd oop was vir gesprek met die regering oor die toekoms en oor wat ons van die regering verwag. Ons is in die verlede sterk hieroor veroordeel.

"Ons beswaar was teen die regering se betrokkenheid by die organisering van die beraad, want as die staat betrokke raak by die oplossing van teologiese geskille, loop die kerk gevaar om sy onafhanklikheid en rol as getuie in die samelewing prys te gee.

"Ons is nou gereed om vir die konferensie voor te berei".

Die SARK het 'n noodvergadering vir kerkleiers belê wat vandag nog sal plaasvind. Die hele kwessie sal dan deeglik bespreek word. Daarna sal die kerkleiers die beplanningskomitee van Alberts ontmoet.

Alberts het gister gesê die Staatspresident het onderneem om steeds "logistieke ondersteuning" aan die beraad te gee, maar die res word oorgelaat aan die beplanningskomitee.

'n Agenda is reeds opgestel. Dit bestaan uit twee temas, naamlik die verhouding kerk en staat, en stappe tot versoening in Suid-Afrika. 'n Aantal referate sal gelewer word, waarna groepbesprekings sal plaasvind, sê Alberts.

Sprekers is nog nie aangewys nie.

*Vervolg op bl 2*

*Onderwysers in opstand*

# En die klaskamers staan leeg

IRENE LOUW

ONGEVEER 4 000 onderwysers, ouers en skoliere van bruin hoërskole in die Johannesburg-omgewing het gister aan 'n optog na die kantore van die Departement van Onderwys en Kultuur deelgeneem.

Die optog is gereël deur die Joint Parents Action Committee om solidariteit met die onderwysers te toon.


Die drie weke lange "chalks down"-aksie van onderwysers sal hopelik voor die einde van die week tussen die Departement van Onderwys en Kultuur en onderwysers besleg word.

Onderwysers het Woensdagaand in 'n vergadering met die Uitvoerende Direkteur van Opvoedkunde, AW Muller, besluit om dié verset-aksie voorlopig te staak totdat 'n vergadering met onderwysers gehou is.

Die optog spruit uit die swak betaling van onderwysers, leerkragte wat soms baie lank moet wag voordat hulle betaal word, vroue wat minder as mans betaal word en die swak onderrigtoestande by skole.

Dié versetoptrede van onderwysers het egter tweespalt in die bruingemeenskap veroorsaak.

Sekere ouers en leerlinge meen die staking en optog is geregverdig, terwyl ander meen dat onderwysers 'n onnodige ophef maak en die hele situasie te veel verpolitiseer is.




**Dié week was die derde week wat onderwysers aan 'n "chalks down"-aksie deelgeneem het omdat onderwysers nie gereeld betaal word nie, die Departement van Onderwys en Kultuur nie gehoor gee aan die eise van die onderwysers nie en hulle ontevrede is oor die laer lone wat vroue ontvang.**

Sommige ouers is veral bekommerd omdat hul kinders nie die Junie-eksamen geskryf het nie. Leerlinge het ook gemengde gevoelens oor dié staking.

Verlede week het skoolhoofde en onderwysers 'n vergadering gehou waar onderwysers aan skoolhoofde gevra het om solidariteit met onderwysers te toon. Dié vergadering is gereël nadat skoolhoofde instruksies vanaf die Departement ontvang het om die name van stakende onderwysers bekend te maak en aan dié onderwysers te sê dat hul salaristjeks teruggehou sal word.

"Ons kan hulle posisie verstaan omdat hulle opdragte van inspekteurs kry," sê Ronnie Swartz van Action Committee of Teachers (ACT).

Dié week het onderwysers ook die streekskantore van die Hoofinspekteur van bruin onderwys beset. ACT het dié aksie gereël. Die Joint Parents Action Commitee sê die optog is gereël om groter druk op die Departement te plaas om die onmiddellike eise van onderwysers aan te spreek.

Van die eise is onder meer: die betaling van salarisse, die skraping van skoolinspeksies en die onderskeid wat getref word tussen mans en vroue in die onderwysberoep.

## Regse militêre aanslag

(Van bl 1)

Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), as Burgerlike Beskermingseenhede of as sogenaamde buurtwagte wat met die polisie saamwerk, oënskynlik in die beskerming en bekamping van misdaad.

So is daar dié week aangekondig dat regse groepe 14 kommando's in Pretoria gestig het en die stad in 'n aantal wyke verdeel wat snags deur die patrollies gepatrolleer gaan word.

Daar is alle aanduidinge dat dié para-militêre groepe in verskeie gevalle ten nouste met die polisie saamwerk. So is daar baie noue samewerking tussen die polisie en regse, plaaslike besture met die stigting van die buurtwagte.

Daar is inligting dat daar noue samewerking is tussen die AWB, die BSB en elemente binne die polisie, weermag en die Konserwatiewe Party. Van die wapens wat in die grootste geheimhouding deur die BSB aangekoop is, is waarskynlik reeds in AWB-hande.

'n Bekommerde ANC-leier vra vandeesweek in 'n private gesprek: "Hoe kan die regering dié dinge ooglopend toelaat? Elke week dreig Adriaan Vlok die regses, maar hy doen niks. Intussen gaan hul ongehinderd en uitdagend voort met die stigting van nuwe militêre eenhede."

Tweedens is daar die regering se halsstarige weiering om onmiddellik in te gryp en sterk op te tree as gevolg van gebeure voor en rondom die Harms-kommissie. Skrikwekkende getuienis en feite het die afgelope maande binne én buite die kommissie na vore gekom.

Daaronder is die geheimsinnige verdwyning van strategiese getuienis en noodsaaklike dokumente, die openlike weiering van BSB-lede om oor sensitiewe sake vrae te beantwoord, getuienis dat so onlangs as Augustus verlede jaar die BSB in stryd met die verklaarde beleid van die regering probeer het om die verkiesing in Namibia te kelder en uitsprake deur BSB-offisiere waarin openlik met die regering verskil word. Laasgenoemde is iets wat volgens regsgeleerdes duidelik die grondslag lê van klagtes van hoogverraad en sedisie teen hulle.

Maar steeds doen die regering niks.

Die BSB en die polisie-operasies op Vlakplaas word nie ontbind nie en dit is twyfelagtig of iemand vervolg sal word. Dit ondanks De Klerk se versekering dat moordbendes "tot op die been oopgevlek" sal word.

In regskringe word gevra: hoekom tree die regering nie op in terme van Artikel 205 van die Strafproseswet teen BSB-offisiere om sekere vrae te antwoord nie? Daarvolgens word 'n persoon wat inligting oor 'n misdaad het, gedaag om voor 'n landdros te verskyn. Hy is verplig om vrae te beantwoord en kan tot twee jaar tronkstraf opgelê word indien hy sou weier.

In sekere politieke kringe - ook binne die ANC - word die vrees uitgespreek dat die regering se onvermoë of onwilligheid om sterk op te tree teen ultra-regses deur laasgenoemde vertolk sal word as 'n teken van swakheid.

Regses spog openlik dat die regering bang is. Vlok se dreigemente en waarskuwings word met gehoon begroet.

## Kerkeberaad

(Van bl 1)

Die moontlikheid van 'n kerkeberaad is in Desember deur De Klerk in die vooruitsig gestel na aanleiding van gesprekke met verskillende kerkleiers. Alberts is aangestel as sameroeper, en kort daarna het Chikane laat weet dat die SARK lidkerke afgeraai het om aan die beraad deel te neem.

Die kerke moet self eers die diepe verdeeldheid en vervreemding aanspreek, is ook gesê.

Boesak het hom ook sterk teen die beraad uitgespreek. Dit blyk vir hom, soos ook vir Chikane, dat vrede en versoening gesoek moet word by die Cottesloe-beraad van Kerke wat drie dekades gelede onder die vaandels van die Wêreldraad van Kerke in Suid-Afrika gehou is.

Dis by dié beraad van 1960, waar die SARK en die Afrikaanse kerke se paaie uiteen geloop het, meen Boesak. Cottesloe is destyds gereël om die gebeure by Sharpeville, waar 69 swartmense doodgeskiet is na 'n protesoptog oor paswette, te bespreek. Ingrypende besluite oor apartheid is geneem, maar agterna, onder druk van die Nasionale Party-regering en dr HF Verwoerd, het die Afrikaanse kerke die besluite gerepudieer.

Die invloed wat dié gebeure op die kerke in Suid-Afrika gehad het, word nou nog gevoel.

Alberts het gesê die beraad sal moontlik op 20 en 21 Julie in Pretoria plaasvind. Die plek moet nog bepaal word.

## 'Dis darem nie regverdig voor God nie'

ELSABÉ WESSELS

DIE privatisering van die inwoners van Mier se erfgrond deur 'n wetsontwerp in die Raad van Verteenwoordigers het dié week op 'n oorlogsverklaring tussen die Arbeidersparty en die ANC afgestuur.

Ondanks pogings van die ANC en sy vise-president, Nelson Mandela, om die omstrede wetsontwerp te stop, is dit Woensdagaand in 'n debat van amper drie uur deur die Raad van Verteenwoordigers aanvaar.

Tydens die debat het die voorsitter van die Raad van Afgevaardigdes, eerw Allan Hendrickse, verwys na die vertoë wat Mandela aan hom gerig het. Volgens Hendrickse sou Mandela egter nie oor die ware feite beskik nie.

'n Afvaardiging van Mier se Inwonersvereniging het Woensdagaand na die debat onmiddellik aangekondig dat hul regstappe gaan doen om dié wetsontwerp, wat nog deur die staatspresident goedgekeur moet word, ongedaan te maak.

Die Wes-Kaapse ANC-leier, Trevor Manuel, het gister gewaarsku dat die ANC van massa-optrede gebruik sal maak om die uitvoer van die voorgestelde wetgewing in die wiele te ry.

Aan Vrye Weekblad het 'n afstammeling van een van die stamvaders van Mier, Frederik Philander, gister sy geskoktheid oor die goedkeuring van die wetsontwerp uitgespreek. "Nou gaan ons hof toe. Ons het al te veel geld op die saak uitgegee om nou te gaan lê," was sy reaksie.

"Dis ons wettige eiendom wat hulle wil vat. Dis darem nie regverdig voor God dat indringers van buite ons erfgrond wil kom opkoop nie. 'n Mens gee nie jou wettige erfdeel sommer net so weg nie," het hy gesê.

Die inwoners van Mier in die Kalahari is Woensdag om middernag terug huis toe nadat hul derde poging om die wetsontwerp te stop, misluk het.

In werklikheid het die Arbeidersparty al reeds, sonder dat die nodige wettige kanale geskep is, met die verkoop van die grond begin en is die wetsontwerp terugwerkend van aard.

## Breyten dalk gou terug

CHRISTELLE TERREBLANCHE

BRONNE na aan Breyten Breytenbach het bevestig dat hy voor die einde van die jaar vir 'n paar maande na Suid-Afrika terugkeer.

Die uitgewekе digter kon nie opgespoor word om uit te vind of hy een of albei die aanbiedinge van Suid-Afrikaanse universiteite, om op 'n tydelike grondslag akademiese insette te lewer, aanvaar het nie.

Nuus dat 'n aanbod deur die Instituut vir Ontwikkelingstudies aan die Universiteit van Wes-Kaapland aan hom gemaak is, het die week die rondte begin doen na aanleiding van 'n artikel deur die direkteur van die Instituut, prof Pieter le Roux, in die jongste UWK-bulletin.

Le Roux het aan Vrye Weekblad bevestig dat Breytenbach gevra is om met sy agtergrond van Fransprekende Afrika-lande tot die instituut se vergelykende studie van ekonomiese stelsels by te dra. "Ons kon hom nie 'n permanente pos aanbied nie, maar hy is gevra om vir drie of ses maande te kom klasgee in sosiologie, ekonomie en politieke wetenskappe", sê Le Roux.

Volgens hom hou die aansoek nie regstreeks verband met dié aan Max Sisulu, hoof van die ANC se ekonomiese departement nie. Sisulu het reeds laat weet dat hy bereid is om vir 'n tydperk by die UWK se ekonomie-departement te doseer.

Prof Ampie Coetzee van die Departement Afrikaans aan UWK het aangedui dat sy departement nie die nodige geld gehad het om die Breytenbach na sy geboorteland terug te bring nie, maar dat hy nou met die departement sal saamwerk. "Ons het hom gevra om te help met skakeling ten einde die toekoms van Afrikaanse onderrig in perspektief te stel," het hy bevestig.

Intussen het dit ook aan die lig gekom dat die Departement Afrikaans aan die Rhodes Universiteit op Grahamstad ook 'n aanbod aan die digter gemaak het om hom vir tussen drie en ses maande by hulle aan te sluit. Dié universiteit se Departement Beeldende Kunste het hom ook gevra om geleentheidslesings oor skilderkuns aan te bied.

Nie een van die universiteite het nog 'n definitiewe antwoord van Breytenbach gekry nie en sê onderhandelinge gaan voort.

*Sampie en sanksies:*

# Oorlog tussen DP en Matie-prof

**ELSABé WESSELS**

'N GEWRAAKTE koerantopskrif het dié week tot 'n oorlogsverklaring tussen die establishment en die Matie-professor en DP-adviseur, Sampie Terrelbanche gelei.

Terreblanche, 'n ekonomiese beleidsadviseur van die DP, sou volgens 'n koerantopskrif in Die Burger sanksies "bepleit" het. Terreblanche ontken dit kategories.

Senior DP-lede het hulself onmiddellik in die pers van Terreblanche gedistansieer sonder dat daar gepoog is om die saak met hom uit te klaar. Op Stellenbosch het dit ook opslae gemaak.

Die Burger-berig wat na 'n artikel in die Britse Sondagkoerant, die Sunday Observer, verwys het, het 'n kwaai reaksie in DP-kringe ontlont.

Die party se ekonomiese woordvoerder en verskeie lede van die koukus is vurige vegters teen sanksies en die party se amptelike beleid is teen sanksies.

Sonder dat Terreblanche geskakel is om die korrektheid van die artikel te bevestig, het die mede-leier van die DP, dr Zach de Beer, homself van Terreblanche se beweerde posisie gedistansieer en gesê dat indien Terreblanche korrek aangehaal is oor sy steun aan sanksies, was sy optrede teenstryding met sy party se beleid. In DP-kringe is daar gister beweer dat die party se woordvoerder oor finansies, Harry Schwartz, woedend is oor die beweerde uitlatings.

Aan Vrye Weekblad het Terreblanche gister kategories ontken dat hy in enige stadium sanksies voorgestaan het.

Anthony Sampson, die skrywer van die artikel, het ook gister ontken dat hy enigsins die indruk gewek het dat Terreblanche 'n pleidooi vir sanksies gelewer het en dat sy artikel ook nie die indruk wek nie.

Volgens hom was hy besonder beïndruk deur Terreblanche se "patriotisme" en die "gesofistikeerdheid" van sy mening as 'n senior politieke kommmentator.

In die artikel haal Sampson Terreblanche aan waar hy glo dat 'n arbeidersregering in Engeland die onderhandelingsproses in Suid-Afrika beter sal dien.

In die artikel haal Sampson Terreblanche ook aan oor sy standpunt dat pres FW de Klerk nog nie 'n algehele demokratiese oplossing vir Suid-Afrika aanvaar het nie en dat enige werlike skikking 'n grootskaalse oordrag van mag en hulpbronne van wit na swart sal eis en dat onderhandeling net sal slaag indien die twee kante in 'n meer eweredige magsbalans staan, en dat slegs sanksies - en die ondersteuning van die Britse Arbeidersparty - dit kan bewerkstellig.

"Ek twyfel of 'n Thatcher-georiënteerde regering begrip sal hê vir die soort armoede wat in 'n oorgangstadium aangespreek moet word," het Terreblanche aan Vrye Weekblad gesê.

"Wat ek wel sê, is dat dit nog te vroeg is om van die ANC te verwag dat hy hom openlik ten gunste van die opheffing van sanksies verklaar."

Die onderhoud met Terreblanche is op 3 Junie gevoer, voordat die noodtoestand opgehef is. "In daardie stadium was daar geen veranderinge van substansiële aard wat die lot van die gewone verarmde swartman in Suid-Afrika sal verbeter nie," sê Terreblanche.

# 'Moffies' loop 'n bloutjie met SAP

**INA VAN DER LINDE**

NAGKLUBGANGERS in Pretoria wat die polisie ontbied het om te kom help teen 'n groep indringers wat hulle goed gekarnuffel het, beweer dat die polisie - eerder as om die booswigte aan te keer - die minderjarige seuns in 'n vangwa gegooi en op Kerkplein verder karnuffel het. Een is glo gedwing om self sy hare af te sny.

Dit blyk voorts dat een van die booswigte wat verlede Saterdagnag die bestuurder, helpers en klubgangers van The Fridge, 'n nagklub in Queenstraat, oorval het, op die oomblik betrokke is by 'n hofsaak na 'n soortgelyke aanranding 'n jaar gelede by 'n ander Pretoriase klub, die Pig and Whistle in Schoemanstraat.

By die Pig and Whistle-voorval het die klubeienaar een van die booswigte doodgeskiet. Nog 'n booswig, Brian Bolhuis, het volgens getuienis vroeër dié week in die Hooggeregshof in Pretoria, 'n deur versper sodat die polisie nie kon inkom nie.

Volgens ooggetuies was Bolhuis Saterdagnag weer eens by die aanranding in The Fridge betrokke.

Die bestuurder en mede-eienaar van The Fridge, Helgard De Barros, 22, glo nou die polisie kyk ander pad wanneer mense soos dié klubs binneval wat hulle as ongewens beskou.

De Barros sê The Fridge is 'n "alternatiewe" klub, daar word alles behalwe disko-musiek gespeel. Hulle is veral "swaar op heavy metal". Die plek is nie gelisensieer nie en klubgangers word aangemoedig om hul eie drank saam te bring.

De Barros sê daar was Saterdagnag om halftwee nog sowat 25 personeellede en klubgangers oor toe vier groot mans inloop. Hulle het eers die toonbank in die kaartjiekantoor gebreek, toe het hulle 'n outjie van omtrent 16 gegryp en geslaan.

Die een groot ou wou weet of De Barros lus het om hom 'n "Dutchman" te noem, want "ek is lus vir baklei".

Hulle slaan toe eers vir De Barros, daarna sy meisie - wat reeds met 'n gipsarm rondgeloop het - se gips morsaf, en breek haar ribbes.

Hy en Francois Kruger, 'n helper, het twee van die manne gegryp en toe was die hel los. Kroegstoele en kleipotte het deur die lug gevlieg. Niemand kon in of uit nie, want een van die groot manne het die ingang versper.

'n Meisie se skouer is uit potjie geruk, nog 'n man sit glo met R3 000 se skade aan sy tande, en 'n ander een het harsingskudding opgedoen en sy oortrom gebars.

Eindelik het iemand ontsnap en die polisie ontbied. Toe hulle opdaag, was die geveg reeds in die strate. Drie mense is summier in die vangwa gestop. Maar nie een van die groot manne nie - drie klein, tingerige outjies, een van 15 en twee 16-jariges.

Oor die name van die jeugdiges is daar nog onduidelikheid, maar sover bekend is hulle Karl Botes, 16, Wernich, 16, and Derrick, 15.

De Barros sê toe hy die groot manne aan die polisie uitwys, het een polisieman verhoed dat hulle in hegtenis geneem word. Een van die polisiemanne het gesellig met een van die groot kêrels gestaan en gesels. Hulle het mekaar op die voornaam genoem.

In 'n stadium het iemand gehoor hoe sê die polisieman aan die groot kêrel iets soos: Luister, ons weet hulle is moffies, maar julle het vanaand te ver gegaan. Julle gaan in die moeilikheid beland.

Die klublede is aanhoudend moffies, homo's en dwelmverslaafdes genoem, sê De Barros.

Party van die klublede is daarna hospitaal toe, terwyl van die ander polisiekantoor toe is om aanklagte te gaan lê.

Daar eindig die storie egter nie. Francois Kruger, 23, 'n helper by die klub, sê hy en nog twee mense het agter die vangwa aangery polisiekantoor toe. Maar toe ry die vangwa nie Polisie-Sentraal toe nie, maar Kerkplein toe.

Kruger het gesien hoe die vangwa stilhou, die Polisiemanne die deure agter kom oopmaak en die outjies agterin karnuffel. Daarvandaan is die seuns glo na die polisieselle geneem, beveel om uit te trek en Wernich is na bewering 'n skêr gegee en aangesê om sy hare te sny "of anders bliksem ons jou as ons jou weer op straat kry"

Die drie het aanklagtes van aanranding teen die polisie gelê, sê De Barros, wat self met 'n blou oog, gebreekte neus, en verskeie kneusplekke sit. Hy het 'n klag van aanranding en saakbeskadiging teen die groot manne loop lê, en nog sowat tien ander het ook aanklagtes van aanranding teen Bolhuis en sy trawante gelê.

Kruger het aan Vrye Weekblad gesê 'n brief is aan Adriaan Vlok oor die voorval geskryf, wat moontlik vandag nog op sy lessenaar sal lê.

Maj Noel Hartwell, polisieskakeloffisier van Noord-Transvaal, het gister aan Vrye Weekblad gesê dit is nie duidelik wat dié aand gebeur het nie, en dat 'n verklaring uitgereik sal word sodra hy meer weet.

# Muisbraai in Soweto



Dié groepie kinders het op 'n koue wintersmiddag in die Tladi-plakkersgebied in Soweto vir hulle 'n paar muise gevang en oor 'n spit gebraai om te eet. Hier wys hulle vir die kamera hoe muise moet lyk is hulle gaar is. Die meeste van dié kinders woon saam met hul ouers in plakkershutte op die koue Soweto-vlaktes.

# DP-koukus op soek na een leier

**ELSABé WESSELS**

HERNIEUDE druk om die DP se troika-leierskap te beëindig het dié week in 'n spesiale koukusvergadering van die party opgevlam.

Groot geheimhouding heers rondom die koukusvergadering wat Dinsdag gehou is om die DP se loesing in Umlazi te bespreek. Partybronne het dit egter laat uitlek dat 'n hele aantal koukuslede tydens die vergadering hul ontevredenheid oor die huidige partyleiding uitgespreek het.

Daar was blykbaar voor die tussenverkiesing verskil binne die leierskap oor deelname aan die driehoekgeveg teen die NP en KP.

In reaksie teen die DP se verlies van meer as 2 000 stemme het koukuslede daarop aangedring dat dié party se leierskap van dr Zach de Beer, Wynand Malan en dr Denis Worrall heroorweeg word.

Die kwessie van leierskap is sedert Maart verlede jaar 'n ernstige bron van konflik binne die party. Veral oud-Progge het deurgaans nog 'n sterk veldtog vir een leier gevoer.

Diegene ten gunste van een leier sien die swak resultate van Umlazi as 'n simptoom van die leierskapkwessie.

Op kongresse het dit egter duidelik geblyk dat gewone kiesers meer gemaklik voel met die driemanskap omdat nie een van die bestaande drie leiers werklik die totale beeld van die party uitbeeld nie.

Daar word nou bespiegel dat koukuslede ernstig rondkyk vir een persoon om die driemanskap te vervang. In party-kringe klink dit na 'n sterk moontlikheid dat nie een van die huidige drie leiers die aangewese kandidaat vir enkel-leierskap sal wees nie.

Hoewel die drie leiers klaarblyklik 'n goeie verstandhouding opgebou het, meen sekere koukuslede dat die verskillende ideologiese oortuigings van die drie leiers die party weerhou van die uitdra van 'n sterk beeld.

(Sien ontleding op bladsy 10)

# Redakteur in hof

**DIE direkteur-generaal van die Nasionale Intelligensiediens (NID), dr Niel Barnard, sal vandeesweek na verwagting 'n ongewone verskyning in die openbaar maak om teen die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, te getuig.**

**Du Preez is ingevolge Die Wet op die Beveiliging van Inligting aangekla ná 'n berig in Vrye Weekblad in Februarie vanjaar waarin inligting gepubliseer is oor die noue samewerking tussen NID en die direkteur van die Instituut vir Sowjet-studie aan die Universiteit van Stellenbosch (ISSUS), prof Philip Nel.**

**Die klagte teen Vrye Weekblad draai onder meer rondom 'n memorandum wat Nel, 'n gewese offisier in Militêre Inligting, aan NID geskryf het waarin hy voorstel dat NID 'n persoon "onder die dekking" van ISSUS in die buiteland plaas om inligting oor die Sowjet-Unie, die ANC en die SAKP te bekom.**

**Barnard, 'n gewese hoogleraar in politieke wetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat, verskyn baie selde in die openbaar.**

**Du Preez is verlede jaar ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid skuldig bevind nadat Vrye Weekblad in 'n meningsartikel die leier van die SAKP, Joe Slovo, aangehaal het.**

# SHE'S GOT WOBBLY LEGS AND A PROUD MOTHER.



# AND THOUSANDS OF ENEMIES.

The more we change the world to suit us, the more we threaten the plants and animals around us. People, pollution, drought, over-population ...these are just a few of the enemies. For Shell, the issue is clear. We know that we have to exercise the highest possible degree of responsibility in everything we do.

Working
to make a difference.

*As 'duimsuiger' gebrandmerk, maar ...*

# Coetzee se dade só bewys

JACQUES PAUW

DIE langverwagte reeks ontkennings deur 'n groep veiligheidspolisiemanne, Dirk Coetzee wat skielik as dubbele agent na vore tree en 'n waarskynlike polisie-sameswering om te lieg, het vandeesweek se verrigtinge voor die Harms-kommissie oorheers.

Ondanks polisie-getuienis dat Dirk Coetzee 'n "duimsuiger" en "blatante leuenaar" is, is dokumente voor regter Louis Harms geplaas wat minstens 'n gedeelte van sy moordbende-bedrywighede bewys en terselfdertyd 'n polisie-sameswering om te lieg, ontbloot.

Intussen is daar 'n besliste weerstand teen die kommissie se onvermoë om die waarheid te ontbloot, aan 't opbou. Benewens die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking se waarskuwing dat Suid-Afrikaners na weke van getuienis nog weinig van moordbendes weet, het verskeie groot koerante die kommissie ernstig in hoofartikels gekritiseer.

The Star sê Staatspresident FW de Klerk het die publiek belowe dat hy moordbendes tot op die been gaan oopvlek. Nou lyk dit of die teenoorgestelde mag gebeur.

Business Day sê die kommissie loop hom vas teen 'n ondeurdringbare muur in pogings om by die waarheid uit te kom. Dié koerant vra dat artikel 205 van die Strafproseswet op getuies toegepas moet word om hul te dwing om vrae te beantwoord.

Dié week se getuienis, in die vorm van dokumente afkomstig van die prokureur-generaal van Botswana, bewys dat 'n week ná die moord op Griffiths Mxenge op 19 November 1981, Coetzee en twee van sy moordbende-makkers Botswana binnegegaan het om 'n ANC-huis aan te val.

Die dokumente stem ooreen met Coetzee se getuienis in Londen toe hy aan die kommissie vertel het hoe hyself, Almond Nofomela en Joe Mamasela na Botswana is om aan die aanval deel te neem. 'n ANC-aktivis wat in die aanval gewond is, Joyce Dipale, het Mamasela as een van haar aanvallers uitgeken.

Tydens sy getuienis in Londen het die polisie dit aan Coetzee gestel dat die aanval in Botswana gedurende die middel van November 1981 plaasgevind het - dieselfde tyd wat hy volgens sy eie getuienis en polisierekords in Durban was om voorbereidings te tref vir die moord op Mxenge.

Benewens die feit dat hy dus nie een van die Botswana-aanvallers kon wees nie, is aan Coetzee gestel dat hy nie vir Mamasela in 1981 kon geken het nie. Mamasela kon dus nie aan die Botswana-aanval of die moord op Mxenge deelgeneem het soos Coetzee, Nofomela en David Tshikalange getuig het nie.

Kol Jan Coetzee, gewese bevelvoerder van Vlakplaas en nou by veiligheid by John Vorsterplein, het verlede week aan die kommissie vertel dat hy Mamasela se "hanteerder" in 1981 was en dat Coetzee gewis nie van sy bestaan kon geweet het nie. 'n Hanteerder verklap nooit 'n bron se identiteit nie.

Mamasela, 'n kleurryke polisieman met 'n bedrewe woordeskat wat glo uiters wreedaardig is, het ook aan die kommissie vertel dat hy beslis nie vir Coetzee in 1981 kon geken het nie. Hy was aan niemand behalwe Jan Coetzee bekend nie.

Toe word die dokumente deur adv Paul Pretorius, lid van die regspan van die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking, ingedien. Dit toon dat Coetzee, Nofomela en 'n ene Anderson Paul Gumede, 'n vals naam wat



Nofomela gebruik het, half-vyf die middag van 26 November 1981 Botswana by die Tlokweng-grenspos binnegegaan het.

Sowat 'n halfuur later het Coetzee en Nofomela Botswana weer verlaat. Daar is volgens die owerhede in Botswana geen getuienis dat Mamasela ooit weer die land verlaat het nie.

Coetzee het in Londen getuig dat hy en Nofomela, nadat hulle Botswana daardie middag verlaat het nadat hulle die omgewing verken het, later oor die grens geglip het en by Mamasela aangesluit het. Na die aanval het al drie weer oor die grens geglip.

Mamasela, wat deur die kommissie teruggeroep is vir heronderv̄raging, sê die dokumente is deur 'n "siek siel" vervals. Hy het gesê die handtekening op die doeanevorms stem nie heeltemal ooreen met sy eie nie, sy geboortedatum is verkeerd en hy het nie 'n paspoort wat ooreenstem met die nommer nie.

Pretorius het dit aan hom gestel dat daar in elk geval vier verskillende weergawes van sy geboortedatum is en dat die handtekening duidelike ooreenstemmings toon. Daar is later aan Mamasela gestel dat hy wel nog 'n paspoort moes gehad het.

Gevra hoe Coetzee in elk geval in daardie stadium van sy bestaan kon geweet het, het Mamasela gesê: "Dit kan wees dat Dirk Coetzee nog altyd 'n dubbele agent van die ANC was. Mense kan lag, maar dit kan waar wees."

Mamasela het onder groot gelag beweer dit is moontlik dat die paspoort wat in sy naam gebruik is, deur die ANC vervals is en dat iemand daarmee gereis het.

"In 'n polisievoertuig saam met Coetzee?" het Pretorius gevra.

Mamasela is gevolg deur die getuienis van 'n rits polisiemanne wat deur Coetzee se getuienis by moordbendes betrek is: brig Willem Schoon, maj Koos Vermeulen, kapt Paul van Dyk, brig Jan Du Preez, maj Archie Flemington en maj Eugene de Kock.

Soos die askari's voor hulle, het die polisiemanne enige betrokkenheid of die bestaan van moordbendes ten sterkste ontken.

# Swygsame Engelse Boer nou militêre leier

PEARLIE JOUBERT

UITGESKOPTE AWB-lede het dié week amptelik hul naam van die Nuwe AWB na die Boereweerstandbeweging (BWB) verander.

Die leier van die BWB, Andrew Ford, sê die BWB gaan nou met die Boerestaat Party (BP) onder die leierskap van Robert van Tonder saamwerk. Die BWB gaan die militêre sy van die Boere se bevryding behartig terwyl die BP die politieke sy sal behartig, sê hy.

Die BWB-lede het die AWB weens die omstrede verhouding tussen Eugene TerreBlanche en die rubriekskrywer Jani Allan verlaat.

Die hoofleier van die BP, Robert van Tonder, sê die AWB, soos die BP, is 'n politieke party "terwyl die BWB 'n meer kulturele organisasie is. Die BWB werk veral om die kommando's op die been te kry en staan grootliks buite die politiek. Soos die NP al die jare saam met die FAK gewerk het, so sal die BWB saam met die Boerestaat Party werk."

Dié organisasie is volgens Ford 'n "ou organisasie met 'n nuwe naam" en is gestig om die verwarring tussen die AWB en die Nuwe AWB op te los.

Hulle vlag - die swart, rooi en wit - is onlangs by die Volksfees van die KP by die Voortrekkermonument vertoon.

Volgens Ford hou hulle nie van die woord "Afrikaner" in die naam van die organisasie nie omdat hulle belangrikste doel die stigting van 'n Boerestaat is.

Van Tonder sê die BWB het net die naam reggemaak. "Die woord Afrikaner het nie voor die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 bestaan nie en die Afrikaner het nog nooit vir die stigting van boerestate baklei nie - dit was die Boere wat dit gedoen het en dit is die Boere wat dit nou ook gaan doen."

Volgens Van Tonder en Ford sal die BWB met die regering en ander instansies oor die vestiging van die Boererepublieke beding. "Moontlik kan die KP, HNP en Boerstaat Party in alliansie teen die regering veg wanneer daar weer 'n verkiesing is," sê Van Tonder.

"Indien daar nie weer 'n wit verkiesing gehou gaan word nie, sal die kommando's gebruik word, want dan het die regering die demokratiese weg van ons weggeneem en die regering dink tog sekerlik nie dat ons met gevoude arms dit gaan sit en aanskou nie."

Ford wou nie sê hoeveel mense aan die BWB behoort nie.

# Referendum vir almal, sê Gerrit Viljoen


CHRISTIAN CHAISE

AL Suid-Afrika se rassegroepe, en nie net die blankes nie, gaan dalk deur middel van 'n referendum geraadpleeg word oor 'n nuwe grondwet wat deur die land se politieke groepe onderhandel is, het die minister van Staatkundige Ontwikkeling, Gerrit Viljoen, gister in 'n onderhoud gesê.

"Ek dink 'n goeie idee sal wees om 'n referendum te hê van die hele bevolking, alle volwasse mense - ook die swartmense - wat saam maar ook afsonderlik getel word," sê Viljoen.

Dit is die eerste keer dat die regering voorstel dat swartmense ook by 'n referendum oor 'n toekomstige grondwet betrek word. Net mense wat stemgeregtig is vir die drie kamers van die parlement het aan die vorige referendum deelgeneem.

Staatspresident FW de Klerk het dié week in die parlement gesê blanke kiesers sal geraadpleeg word oor 'n nuwe grondwet wat die eerste keer aan swartmense stemreg op nasionale vlak toeken.



Gerrit Viljoen

Viljoen het egter gister geweier om te sê of die regering die voorgestelde grondwet in werking sal stel as die meeste blankes hulle daarteen uitspreek.

"As dit gebeur, sal dit natuurlik lei tot 'n situasie met baie ernstige spanning en konflik aan die kant van die res van die bevolking, die nie-blanke groep," was sy kommentaar.

Viljoen, 63, is De Klerk se regterhand en word allerweë as die argitek van De Klerk se hervormingsproses beskou. Sy hoofopdrag is om werklike onderhandelinge van die grond af te kry, en in dié verband het hy reeds verskeie ontmoetings met die ANC se vise-president, Nelson Mandela, gehad.

In 'n oorsig oor die regering se voorlopige gesprekke met die ANC het Viljoen gister gesê die struikelblokke wat deur die ANC geopper word, is "so te sê verwyder" (practically removed). Die noodtoestand is grotendeels opgehef, en die owerheid het die verslag van 'n gesamentlike werksgroep van die ANC en die regering aanvaar oor die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van bannelinge.

"Ons is haastig," het Viljoen gesê, maar Mandela en die ANC "is besig om vyf of ses weke te mors" deur hul reaksie op die verslag te vertraag.

"Hulle is baie inkonsekwent, want in die begin was hulle baie haastig... Nou sê Mandela: 'Ons moet tot 10 Julie wag.'

"Dit lyk asof hulle nie wil hê ons moet die krediet kry vir ons positiewe houding jeens die verslag terwyl Mandela oorsee is nie.

"Ek dink hulle is in die verleentheid gestel deur die feit dat ons die noodtoestand opgehef het. Miskien het hulle gehoop dat ons posisie oor albei sake steeds negatief sou wees terwyl Mandela oorsee is, sodat hy dit as 'n argument kan gebruik om vir verdere sanksies te pleit."

Gevra watter invloed 'n opheffing van sanksies op die wit kieserspubliek kan hê, het Viljoen gesê: "Enige erkenning van die hervormingstappe wat mnr De Klerk geneem het, sal die geloofwaardigheid en aanvaarbaarheid van dié stappe in die oë van mnr De Klerk se mense (constituency) verhoog."

Viljoen het gesê dit sal "hoogs onredelik" wees as die komende Dublin-beraad van die Europese Gemeenskap nie "konkrete erkenning gee aan die baie wesenlike stappe" wat De Klerk gedoen het en "die feit dat hy groot risiko's geneem het nie." - AFP



HUNT LASCARIS TBWA 005119

# See what happens when you launch an independent daily.

We're all set. To launch The Daily Mail.

At long last, a quality morning paper that covers the entire spectrum of local, international, business, sport and entertainment news.

A paper that's more informative. More incisive.



THE DAILY MAIL

E Germans vote out communists

IN BRIEF

Yeoville's rapist shot dead in ambush

Peace teeters on edge as FW meets Mandela

But more importantly, a paper that's independent.

Which means you won't get a skewed perspective of the news. Rather the news in perspective.

To say the least, feathers will fly.

**THE DAILY MAIL**

AN INDEPENDENT DAILY FOR A CHANGING SOUTH AFRICA.

## *Mama Afrika by die huis*

# 'Daar was 'n gat in my siel'

**DIE straaltjie uitgewekenes wat terugkeer word nou 'n stroom - een van die dae word dit 'n vloed. Terwyl ons hulle nog kan uitken, praat AUDREY BROWN met Miriam Makeba en James Stewart oor hoe dit voel om terug te wees by die huis. Daar is so 'n tikkie persoonlike geskiedenis by - Makeba was in die vyftigerjare met Brown se grootouers bevriend**

JAMES STEWART en Miriam Makeba het dié week die buiteland se stof van hul voete afgeskud en voet aan wal gesit in die land wat hulle meer as 25 jaar gelede verlaat het.

Stewart kan nie wag om die smoorsnoek-bredie wat sy 80-jarige moeder aan die kook hou, te gaan eet nie.

Dan wil hy deur die strate van Kaapstad, waar hy 54-jaar gelede gebore is, gaan stap om te luister hoe praat die mense die taal, hulle gesegdes.

En daarna sal hy maar aangaan met die werk wat hy gekom het om te doen, want, soos Makeba, het Stewart maar net kom inloer.

Makeba het vas geglo dat as sy te lank in die buiteland draai, sy nooit weer haar geboorteland sal sien nie. Met die eerste geleentheid wat sy kon kry, het sy gereël om haar ma se graf te kom skoonmaak en haar bejaarde broer te sien.

Op pad van die lughawe af verlede Sondagoggend, is sy eers na haar ma se graf waar sy op haar knieë gesit en huil het.

Daarna is sy deur die strate van Mzimhlope, waar haar broer in Soweto woon, dansend en singend omring deur honderde mense.

Makeba en Stewart het op verskillende wyses die land verlaat - Makeba is openlik hier weg om in die buiteland te gaan optree. Maar Stewart is in 1964 onder 'n dekmantel hier uit, onder instruksie van die ANC om dié organisasie in die buiteland te vestig nadat dit in 1961 onwettig verklaar is.

Makeba het dié week vertel van haar opgewondenheid in 1959 toe sy die eerste keer oorsee is met die musiekstuk "King Kong".

"Ek was reeds 'n klein ster hier in Suid-Afrika en die kans om myself oorsee te bewys was te goed om mis te loop. Dié soet droom het 'n nagmerrie geword toe ek later uitvind dat ek nie meer binne die land toegelaat is nie. Van daardie dag af was daar 'n gat in my siel. Ek het geleef vir die dag waarop ek weer kon terugkeer.



Miriam Makeba

*(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*

Sy onthou nog die dag toe sy geloop het: "Jou oupa het my lughawe toe gevat in sy groot swart kar. Jou ma en haar susters het vir my koekies gebak vir padkos. Ons het mos nie geweet dat mens nie kos hoef te vat nie - 'n reis was nie 'n reis sonder padkos nie!"

Sy is met groot lof in die buiteland ontvang - daar is die gesegde dat Namibia nog nie onafhanklik is nie omdat Makeba nog nie daar gesing het nie - want Mama Afrika se stem het nog by elke ander Afrikaland se onafhanklikwording opgeklink.

Met al die roem wat sy verwerf het, het sy nog steeds gesmag na haar land.

"Elke plek in die wêreld waar ek gewoon het, was maar net nie tuis vir my nie. Maar ek het altyd die liefde en ondersteuning van my landsgenote saam met my gedra."

Op die vraag oor hoe dit voel om weer tuis te wees, sê Makeba: "Daar is niks wat my meer blydskap verskaf as om weer tussen my mense te wees nie. Ek kan nou my mense voel en hoor. Hulle kan my aanraak en my hoor. Een en dertig jaar is veels te lank. Ek is tevrede."

Toe sing sy weer die lied wat sy destyds gesing het voor sy geloop het - 'n lied vir al die ma's van die land. Die weemoed het skerp deurgeskemer. Sy kon nie haar ma se begrafnis bywoon nie en dit het haar altyd gepla.

Stewart is presies 26 jaar gelede die land uit op instruksie van die ANC.

Hy het sy studies in ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand laat vaar om aan die organsasie se buitelandse bedrywighede deel te neem.

Gevra of hy spyt is dat hy geloop het, sê hy: "Dit was die enigste manier wat ons kon sien om ons ideale te verwesenlik."

Stewart is bemoedig deur die toenemende deelname van bruinmense aan die politiek en vir hom dui dit 'n groot verandering in die politiek aan.

"Dit is vir my bemoedigend om die teenwoordigheid van my gemeenskap in die stryd te sien. Dit bewys aan my dat die ANC veg vir die bevryding van al ons mense. Die deelname van alle gemeenskappe in ons land bewys dat dié boodskap sterk gewortel is tussen ons mense."

Stewart is deel van die ANC se nasionale uitvoerende komitee, en is hier om samesprekings te voer met organisasies in die Wes-Kaap, sowel as om planne in werking te stel vir die eerste nasionale kongres van die ANC in 30 jaar binne die land.

Stewart en Makeba, wat 'n paar dae uit mekaar hier aangekom het, verlaat eersdaags weer die land.

Albei het die hoop uitgespreek dat hulle so gou as moontlik permanent kan terugkeer.

Makeba sal heel moontlik later dié jaar by 'n konsert binne die land optree. En vir Stewart is daar te veel werk - die ANC se koffers moet dwarsoor die wêreld gepak word - en iemand moet dit doen.

# Oesterbaai-stof het nog lank nie gaan lê nie

**CHRISTELLE TERREBLANCHE**

BEPLANNING vir Suid-Afrika se langtermyn-kragbehoeftes kan in die weegskaal bly totdat sekerheid oor die grondwetlike toekoms van die land verkry is.

Dié standpunt is onder druk deur amptenare van Eskom uitgespreek toe hulle die week 'n voorlegging in Kaapstad gedoen het oor die aankoop van die plaas Hagelskraal met die oog op nog 'n kernkragaanleg.

Die Eskom-bestuurslede het erken dat 'n herevaluering van hul kragbeleid nodig is om bewaringsaspekte in balans te bring, maar dat 'n oorkoepelende beleid eers daargestel moet word.

"Eskom se kragbeleid is in sekere opsigte 'n politieke kwessie," het Johan van den Berg, Hoofbestuurder: Bestuursdienste van die Eskom-hoofkantoor, toegegee.

Die stof rondom die oprigting van die Koeberg-kernkragaanleg op Kaapstad se voorstoep het nog skaars gaan lê, toe Eskom aankondig dat hy onderhandel oor die aankoop van 'n derde potensiële kernkrag-terrein aan die Kaapse kus.

Bewaringskundiges en wetenskaplikes is ook nog nie klaargepraat oor die onlangse aankoop van 'n terrein by Oesterbaai aan die Suid-Kaapse kus nie.

Na indringende impakstudies langs die kusstrook tussen Waenhuiskrans en Gansbaai, het Eskom nou besluit om 'n nasionale bewaringsterrein, Hagelskraal, net langs Pearlybeach aan te koop met die doel om ná die jaar 2005 oor die oprigting van 'n kernkragaanleg daar te besluit.

Die terrein is gekies ondanks die feit dat omgewingstudies dit as ongeskik bevind het weens die unieke ekosisteem en plantegroei.

Die kernkrag- versus bewaringsargumente woed nou al dekades lank, maar Eskom sê hy het in dié stadium geen keuse as om na kernkrag as alternatief tot steenkool te kyk nie.

Tans word bykans 90 persent van Suid-Afrika se krag uit steenkool verwek, met kernkrag die naasgrootste bron op 7,8 persent. Navorsing toon dat steenkoolreserwes regoor die wêreld teen die jaar 2030 uitgeput sal wees en dat kernkrag in dié stadium die enigste werklike alternatief is.

Omdat kernkragstasies baie water vir verkoelingsdoeleindes benodig, is net terreine langs die kus vir Suid-Afrikaanse kernaanlegte geskik. Eskom het as deel van sy langtermynnavorsing R6 miljoen bestee om navorsing aan die kus te doen ten einde geskikte terreine aan te koop met die opsie om later te besluit watter een gebruik sal word.

Geen geskikte terreine is aan die Natalse kus gevind nie en die impakstudies aan die Kaapse Weskus is nog nie voltooi nie.

Dit is duidelik dat die anti-kernargumente van natuurkundiges, omgewings-entoesiaste en selfs die man op straat nie kan staande bly teen die dringende en toenemende behoefte aan krag in Suider-Afrika nie. Tog meen hulle dat die behoud van die land se natuurlike hulpbronne en natuurskoon nog nie demokraties genoeg opgeweeg is teen inwoners se vermeende kragnood nie.

Koeberg Alert, EarthLife Africa, die Natuurlewevereniging en wetenskaplikes is onder diegene wat meen dat grond nie sonder meer vir kernkrag geëien behoort te word nie.

"Daar moet 'n langtermyn-verbintenis tot die grond gemaak word waarbinne ons ons kundigheid om met kernkrag tred te hou kan meet," het 'n wetenskaplike van die Universiteit van Kaapstad gesê. "Anders mors ons ons geld."

Eskom-amptenare het die argument beaam, maar erken dat potensiële kernkrag-terreine ten bedrae van R2 miljoen al aangekoop is.

Die eienaar van Hagelskraal by Pearlybeach, IC Bell, het dié week gesê hy was aanvanklik baie geskok om te verneem dat sy plaas deel is van die voorgestelde terrein.

Hy onderhandel tans met Eskom om die gebied in die geheel te verkoop, "net wanneer nodig", sodat die deel wat nie gebruik word nie as ekologiese geheel bewaar kan bly.

Sowat 25 persent van die 400 hektaar wat benodig word, sal na die 60 jaar lewensduur van die aanleg verbode terrein bly.

Die inwoners van Gansbaai het tot dusver nie standpunt oor die voorgenome aanleg ingeneem nie, hoewel ontsteltenis onder boere in die omgewing en Pearlybeach se getrouste vakansiegangers begin kop uitsteek. Inwoners van Elim, dié geskiedkundige sendingnedersetting noordoos van die strand, het reeds kapsie gemaak.

Prof Maarten de Wit van die departement geologie aan die Universiteit van Kaapstad is nie tevrede dat die terrein struktureel geskik is nie en meen verdere seismiese studies is nodig.

Koeberg Alert het daarop gewys dat die manier waarop die kernafval na die stortingsterrein by Vaalputs vervoer sal word ook nog nie behoorlik ondersoek is nie.

Nog besware behels die feit dat demografiese studies en die langtermyn- sosiale en kulturele impak van 'n kernkragaanleg aan die deel van die kus nog nie deeglik beskou is nie.

### *Die Yengeni-reënboogverhoor*

# In dié hof is die nuwe SA 'n hersenskim

**Ondanks die aankondigings van staatspresident FW de Klerk op 2 Februarie waarvolgens die ANC en PAC gewettig is en politieke gevangenes vrygelaat sal word, duur politieke verhore landwyd steeds voort. ELSABÉ WESSELS doen verslag oor die Yengeni-verhoor in Kaapstad waar die beskuldigdes amper drie jaar reeds in aanhouding is en steeds borgtog geweier word**



Die ANC-leier Steve Tshwete (met die pyp in die mond) en 28 vrygelate politieke gevangenes salueer die beskuldigdes in die Yengeni-verhoor

(Foto: Benny Gool - Afrapix)

GOEIE môre, kameraad leiers. Met dié woorde het die ses beskuldigdes in die Yengeni-verhoor omgedraai en met gebalde vuiste in die lug die ANC-leiers Steve Tshwete, James Stewart en Pallo Jordan gegroet.

Dit was Maandag, 11 Junie, een van die sowat 180 dae van sitting in die Kaapse Hooggeregshof van dié "terrorisme-verhoor".

Tony Yengeni, aangeklaagde Nommer Een in dié saak, is geklee in 'n sweetpak met die embleem en kleure van die ANC op die bors en die woorde "Umkhonto we Sizwe" op die rug.

Links van hom, in die ry af, sit beskuldigdes nommer 3, 4, 5, 6 en 2: Lumka Nyamza, Michael Lumbambo, Mbutho Nduku, Wellington Nkwandla en Jennifer Schreiner.

Agter hulle in die galery sit die toegewyde ouers en vriende van die beskuldigdes wat die hofverrigtinge daagliks bywoon.

Wanneer die Kaapse Hooggeregshof aanstaande week in reses gaan, gaan die ses oorblywende beskuldigdes in die Yengeni-verhoor - daar was aanvanklik 14 - vir dieselfde tydperk terug na hul selle. Vir ses weke sal hulle moet wag vir die staat om sy saak teen hulle voort te sit.

Hul eerste hofverskyning was in Maart 1988 in die Wynbergse landdroshof.

Teen daardie tyd was sommige van die beskuldigdes reeds so lank as 17 maande in aanhouding.

In dié tyd het Schreiner altesame 109 dae alleen in 'n polisiesel gesit met slegs 'n Bybel en 'n skoon stel klere.

Teen September sal Schreiner en Yengeni sowat drie jaar in aanhouding wees.

In Maart verlede jaar is die saak teen die 14 beskuldigdes in die Kaapse Hooggeregshof geopen, waar getuienis daagliks steeds aangehoor word, sonder dat borgtog aan enige van die ses oorblywende beskuldigdes toegestaan is.

Met sy aanvang is dié verhoor die reënboogverhoor gedoop weens die aanwesigheid van swart-, bruin- en witmense in die beskuldigdebank.

Die saak het heelwat publisiteit geniet. Die teenwoordigheid van Schreiner, die dogter van die adjunk vise-rektor van die Universiteit van Natal, prof Deneys Schreiner, is sensasioneel uitgeblaker.

Die staat het beweer dat die beskuldigdes tussen Julie 1986 en Augustus 1987 vir verskeie terreurdade in Wes-Kaapland verantwoordelik was, onder meer bomontploffings by die lughawe DF Malan, Castle Court-polisiewoonstelle in Distrik Ses, Athlone-landdroshof, en ontploffings by petrolstasies in Plumstead en Maitland. Yengeni en Schreiner is daarvan beskuldig dat hulle wapens en ammunisie geberg het.

Van vroeg af aan het die verhoor 'n dramatiese verloop geneem. Enkele dae voor die begin van die verhoor in die Hooggeregshof is 'n aanvanklike aanklag van hoogverraad teen die beskuldigdes teruggetrek en met aanklagte van terrorisme vervang nadat die regspan vir die 14 die staat om meer inligting gevra het.

As 'n teken van verset teen die staat, het al 14 geweier om te pleit. Namens hulle het Yengeni 'n verklaring voorgelees waarin hulle apartheid en die Suid-Afrikaanse regering verwerp en van hoogverraad teen die mense van Suid-Afrika beskuldig het. In die verklaring is ook 'n sterk betoog teen die "onmenslike" toestande van aanhouding onder Seksie 29 en marteling in aanhouding gelewer.

In die verklaring is die howe as 'n "instrument van die onderdrukker" beskryf en sê die beskuldigdes dat hulle dus nie vertroue in die regstelsel kan hê om hulle 'n regverdige verhoor te gee nie.

In 'n volgende dramatiese verwikkeling het die hoofstaatsgetuie, wat eers as Mnr X bekend gestaan het, skielik besluit om nie teen sy voormalige kamerade te getuig nie.

Bongani Jonas, op wie se bekentenisse die staat se saak gebou was, het in getuienis gesê dat hy sy besluit eers later bekend gemaak het omdat hy eers die beskerming van die hof gesoek omdat hy nie op 'n koekie seep wou gly, van die tiende verdieping wou val, met 'n breinoperasie opeindig of iemand koud wil laat nie. (Met verwysing na die talle sterftes in aanhouding en oud-minister Jimmy Kruger se opmerking oor Steve Biko)

Vir sy eie oorlewing, het hy gesê, het hy by die Askari's aangesluit, 'n spesiale eenheid van die polisie wat jag maak op ANC-guerrillas.

As rede vir sy weiering om teen sy voormalige kamerade te getuig, het hy aangevoer dat dit vir hom "menslik onuitstaanbaar" is om te doen. Die regter het van hom verskil en hom tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis. Hy dien tans sy vonnis op Robbeneiland uit. Maar die staat was sy hoofgetuie kwyt.

In 'n volgende poging tot skuldbewys het die staat die bekentenisse van sewe van die beskuldigdes voor landdroste as bewysstukke ingedien.

Die advokate vir die verdediging het onmiddellik aangevoer dat die bekentenisse ná marteling en intimidasie verkry is.

Daar is verder aangevoer dat die veiligheidspolisie 'n sekere modus operandi volg om skuldbekentenisse te forseer en dat die verdediging beoog om dit met getuies te bewys. In hofstukke het die regspan van die verdediging die modus operandi geskets - gebruik van sogenaamde "terroriste opsporingseenhede" om klagtes te ondersoek waarna ondervraging geskied.

Dieselfde werkwyse, wat op intimidasie en geweld geskoei is, sou volgens hulle in verskeie ander verhore tot gedwonge "skulderkennings" gelei het.

In reaksie het staatsadvokaat Hendrik Klem bekend gemaak dat hy van die bekentenisse sal afsien om die staat se saak aan te voer. Hy het ook daarop gedui dat hy dit oorweeg om die staat se saak te sluit.

In 'n dramatiese ontwikkeling het die regspan vir die verdediging so ver gegaan om adj-off Benzien van die veiligheidspolisie in die getuiebank te verwittig dat hulle internasionale klagtes weens marteling en 'n misdaad teen die mensdom teen hom aanhangig gemaak het.

Op daardie noot het verlede jaar se verrigtinge afgesluit.

Die nuwe jaar is ingelui met die dramatiese aankondigings van staatspresident FW de Klerk. Die beskuldigdes, teen wie daar teen dié tyd geen afdoende getuienis oor aandadigheid aan dade van geweld ingebring is nie, het vurig begin hoop dat die wettiging van die ANC en die vrylating van politieke gevangenes wat nie aan geweld skuldig bevind is nie óf hul vrylating óf ten minste borgtog sou beteken.

Weens die onsekerheid van dié vertolking van De Klerk se aankondiging, het die staatsadvokaat hofverrigtinge vir 'n week opgeskort om die posisie van die 14 te oorweeg.

Hoewel Klem tot die gevolgtrekking gekom het dat die aankondigings van 2 Februarie geen verskil aan die status van die 14 maak nie, is klagtes teen agt van die veertien kort daarna teruggetrek, weens die onttrekking van die sogenaamde "skulderkennings".

Verdere getuienis deur twee geheime staatsgetuies, ene Mnr X1 en Mnr X2, is kort daarna aangehoor. Vir Mnr X1 se getuienis is die hele hofspan, die tolk en beskuldigdes inkluis, na Pretoria verhuis.

In die getuiebank dié week het 'n kundige van die veiligheidspolisie notas van Schreiner aan die hof geïnterpreteer.

Gesinslede van die ses was vol hoop dat borgtog voor die reses aan die beskuldigdes toegestaan sou word. Maar teen die einde van die week het dit gelyk asof die ses geduldig sal moet wag vir die regsproses om sy loop te neem.

OPERATION HUNGER

GOLD RUSH

9

R1 MILJOEN

KOOP NOU!

R10,00 Sorg Sertifikate beskikbaar by Eerste Nasionale Bank, Pick 'n Pay, Computicket, Russels, Carloria Toyota (Pretoria), Caltex Diens Stasies


Eerste Nasionale Bank

MET U HELP LEWE ONS KINDERS

## *Die DP hou nabetragting*

# Tyd vir wonde lek en keuses maak

**Nader aan die NP of nader aan die ANC? Ná verlede Woensdag se loesing by die stembus moet die leiers en ondersteuners van die Demokratiese Party nou baie basiese keuses maak. ELSABÉ WESSELS het met politieke waarnemers en DP-leiersfigure oor die welstand van dié party gaan praat**



**Zach de Beer, Denis Worrall en Wynand Malan**

Die begin van die einde - of 'n heel nuwe rol. Dít is die DP se keuses ná die tussenverkiesing in Umlazi, die party se grootste vernedering in sy kort bestaan. Party skets die DP se keuse kaalkop: skaar julself óf by die Nasionale Party, óf by die ANC.

Politieke ontleders sê ander politieke groeperinge moet hulself nie in die DP-nederlaag verlustig nie. Die huidige omwenteling in die wit politiek raak die NP en die ANC ewe veel. Die KP het sy posisie van 2 429 stemme tot 5 215 stemme ten koste van die NP versterk. Met minder as 'n duisend stemme moes die DP 2 332 aan die NP afstaan. Vir nie-rassigheid en die huidige onderhandelingspolitiek is dit slegte nuus.

Dr Frederik van Zyl Slabbert, mededirekteur van Idasa, beskryf die Umlazi-drama as 'n tendensie wat weens die aard van die huidige oorgangstadium ook die ander gevestigde politieke groepe sal tref.

Met sy 2 Februarie-toespraak het staatspresident FW de Klerk sy eie tradisionele politieke basis vernietig en nou moet daar 'n nuwe basis geskep word. In die proses het die DP die eerste slagoffer geword.

"Gegee die aard van sy nuwe doelstellings, soos vervat in sy toespraak, is De Klerk se logiese politieke teikens die steun van die DP plus daardie deel van die ou NP wat saamgeneem kan word in die proses van onderhandelingspolitiek," se Slabbert oor die uitwissing van die DP-stem.

Dat die uitslag die DP in die hart geruk het, ly geen twyfel nie. DP-leier Denis Worrall het sy politieke reputasie op die spel geplaas met sy volgehoue veldtog vir deelname in die driehoek-geveg. Daar was dié wat gemeen het dat die party hom nie aan so 'n vernedering moes blootgestel het nie.

Daarom was die nabetragting van die laaste paar dae nodig. Maar dit lyk nie of 'n mens onmiddellik ingrypende veranderinge te wagte kan wees nie. Daarvoor is daar te veel onsekerheid oor die wisselspel in die breë politiek, meen parlementslede.

Dit is nie die eerste keer sedert sy kort bestaan dat die DP in die binnekamer gedwing word nie. Kritici spreek min vleiende woorde oor die DP se strategiese flaters. Voor die algemene verkiesing verlede jaar het politieke kenners die DP vermaan dat hy slegs sy eie posisie kan versterk deur in 'n nadere alliansie met die MDM-groeperings te beweeg.

'n Besluit om in al drie huise in die 1989 algemene vekiesing deel te neem, het tot groot spanning in die party gelei. Deelname het - soos daar gewaarsku is - verhoudings met die MDM versuur en openlike vyandskap tot gevolg gehad.


Slabbert was een van die politieke kenners wat die DP gewaarsku het dat onderhandelingspolitiek op die horison lê en dat die DP homself in die koue kan bevind indien hy nie 'n goeie verstandhouding met die ANC kweek nie.

"Uit die aard van die saak moes die DP homself voorberei het op die verskuiwing om te keer dat hy homself met sy broek op sy knieë bevind soos nou die geval is," sê Slabbert.

Kon dit vermy word? "Gegee die leierskapsdilemma en die koukussamestelling van die party wat lamgelê word deur 'n paar politieke klippe in die maag, was dit heel waarskynlik onvermydelik," sê Slabbert.

Hy is egter van mening dat die DP met duidelike voorafbeplanning en stellinginname sy rol in die oorgangspolitiek kon verskerp het. "Nou is hy ongelukkig vasgevang in 'n oorlewingskrisis," sê Slabbert.

Dat die party onseker is oor die rol wat hy moet speel, was duidelik sigbaar op 'n streekskongres van die DP in die Wes-Kaap sowat twee weke gelede. Daar was geen aanduiding dat die afgevaardigdes enigsins die party se posisie na aanleiding van 2 Februarie wou herdefinieer nie. Dit wou voorkom of diepliggende verskille met voorbedagte rade van die tafel af gehou is. Die jeug was diep teleurgesteld en ontnugter oor die ouer garde se klaarblyklike doelloosheid.



**Frederik van Zyl Slabbert**

Ander strategiese foute wat kritici aan die DP toedig, is hul steun aan die KwaNatal Indaba, ook in weerwil van ANC/MDM-teenkanting, en 'n gebrek aan visionêre leierskap deur die voortsetting van die driemanskap wat op besluitloosheid en beleidsverskille binne die party dui.

Binne en buite die party word daar egter gemeen dat die DP as die grootste verteenwoordiger van wit kiesers wat nie-rassigheid steun, op die kort termyn as 'n eenheid moet oorleef. Hul steun hou waarskynlik die enigste moontlikheid vir die skep van 'n werklike nie-rassige front in.

Slabbert hou drie logiese keuses vir die DP voor. In die eerste sal die DP betrokke bly by verkiesingspolitiek in welke geval die party geen ander keuse het nie as om die stryd met die KP aan te sê en De Klerk se steun te vergroot.

Tweedens kan die DP kiesafdelingspolitiek probeer speel waarin sekere basiese waardes aan die lewe gehou word terwyl die party op 'n streng nie-rassige basis omsien na die belange van almal in die kiesafeling.

Slabbert se derde opsie vir die DP is as 'n alliansie-vennoot met die ANC of ander buite-parlementêre organisasies, maar met die streng voorbehoud dat dit net kan geskied indien sekere fundamentele demokratiese waardes eerbiedig en bevorder word.

In wit politieke kringe word gemeen dat die grootste struikelblok in die laaste scenario wit kiesers se onduidelikheid oor die ANC/SAKP-alliansie is. Op die lang termyn voorsien waarnemers egter 'n onvermydelike versplintering van DP-steun.

'n Lid van die DP en direkteur van die Human Rights Trust in die Oos-Kaap, Rory Riordan, dui vyf uiteenlopende strominge binne die DP aan, wat wissel van ongekwalifiseerde steun vir die ANC tot ongekwalifiseerde steun vir die NP sedert De Klerk se Februarie-hervormings.

Riordan, 'n sterk ondersteuner van nouer bande met die MDM/ANC-alliansie, beklemtoon die noodsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse politiek van 'n sterk nie-rassige front. Sou die ANC sy nie-rassige karakter wou uitbou, sal hy onder DP-ondersteuners moet oes, meen Riordan. Volgens hom sou die ANC beslis kon aanspraak maak op 'n gedeelte van die sowat 450 000 kiesers wat in September verlede jaar vir die DP gestem het.

Riordan glo die DP moet so gou as moontlik in ernstige dialoog met die ANC tree oor die skep van 'n nie-rassige front. Hy meen die ANC kan heelwat baat by die vermoëns wat in DP-geledere opgesluit is. Volgens hom is daar egter nog geen teken dat die ANC homself vir wit steun toeganklik maak nie.

Een ding wat egter duidelik spreek na Umlazi is dat die DP klaar is met verkiesingspolitiek. Tensy dit 'n DP-setel is, sal hy nie weer teen die KP en NP meeding nie.

Worrall se standpunt dié week is dat Umlazi bewys het dat die NP en DP nie kan bekostig om in driehoekgevegte betrokke te raak nie. Hy beskryf die tussenverkiesingsuitslag as "teleurstellend", maar meen dat daar 'n hoë lieg-faktor was van mense wat DP gepraat het, maar NP gestem het.

Volgens Worrall sal die DP homself van nuuts af strategies moet posisioneer.

**NATIONAL LAND COMMITTEE**

**Opvoedingsbeampte**

**Die National Land Committee is 'n nasionale organisasie wat die bedrywighede van ses diensorganisasies, wat betrokke is by grond- en verskuiwingskwessies, koördineer. Die organisasie is in Johannesburg gesetel.**

**Ons is besig om 'n opvoedingsprogram op die been te bring en het 'n betrekking vir 'n opvoedingsbeampte met:**

* **Nie-formele en populêre opvoedingsvaardighede;**
* **Ondervinding in die konseptualisering van opvoedingsprogramme;**
* **'n Kennis van, of belangstelling in grondkwessies, en 'n vermoë om akademiese materiaal oor die onderwerp te verwerk;**
* **Die vermoë om akademiese materiaal te vereenvoudig en toeganklik aan die breër bevolking te maak;**
* **Die vermoë om landwyd te reis en 'n rybewys besit**
* **Verbintenis tot demokratiese organisasies en ondervinding in bevolkingsgegronde- of diensorganisasies.**

***Die kennis van 'n Afrika-taal sal in u guns tel.***

***Die salaris is onderhandelbaar en die organisasie bied mediese hulp en pensioen aan.***

Aansoeke, vergesel van 'n CV en die name en adresse van drie referente, moet gestuur word aan:
Die Koördineerder
National Land Committee
Posbus 16858
Doornfontein
2028

***Sluitingsdatum vir aansoeke is 10 Julie 1990. Daar sal van die suksesvolle aansoeker verwag word om so gou as moontlik ná die datum te begin werk.***

DIÉ WEEK




Dov Fedler In Sunday Star, 10 Junie 1990

# Wêreld:

## Israel gewaarsku

Egipte beskuldig Israel daarvan dat die land besig is om hom vir aggressie en oorlog voor te berei. Die Egiptiese regering waarsku in 'n verklaring dat hy nie dié houding van Israel kan ignoreer nie.

## Onafhanklikheid

Die Sowjet-leier, Mikhail Gorbatsjof, ontmoet die presidente van die drie Baltiese republieke wat op onafhanklikheid aandring. Die leiers van Latvië, Estland en Litaue besoek Gorbatsjof in Moskou waar hul vertoë bespreek word.

## Minister ontslaan

China se bekendste akteur en politikus, Ying Ruocheng, word uit sy pos as adjunk-minister van kultuur ontslaan. Ying was 'n kampvegter vir groter artistieke vryheid in die land.

## Olifant aangehou

'n Olifant wat deur haar eienaar geleer is om te bedel, word in die suide van Indië in hegtenis geneem en amptelik aangekla van bedelary en 'n opeenhoping van verkeer. Die olifant het op haar eie besluit om die strate van Coimbatore aan te durf en met haar slurp te bedel. Die polisie het haar met 'n ernstige waarskuwing laat gaan en haar eienaar met vyf dollar beboet.

## Doe moet weg

Amptenare van die Liberiese regering en rebelle van die National Patriotic Front voer hul eerste ronde vredesamesprekings in Freetown, Sierra Leone. Die rebelle dring daarop aan dat pres Samuel Doe moet bedank alvorens die beweging sy insurgensie sal beëindig.




Dov Fedler In The Star, Dinsdag 12 Junie 1990

## Unita staan vas

Die Angolese rebellebeweging, Unita, sê hy hou by sy aanbod van 'n drie-maande skietstaking ondanks die Luanda-regering se aandrang op 'n algehele skietstaking. Unita sê hy wil eers kyk of die regering "opreg" is in sy soeke na vrede.

## Traanrook vir babas

'n Israeliese soldaat gooi 'n traanrook-granaat in 'n kliniek vir swanger vroue in die Gaza strook. Ses-en-sestig Palestynse kinders, meestal babas, word beseer. Die Israeliese weermagpatrollie beweer dat daar uit die kliniek met klippe na hulle gegooi is.

## Leë mae, leë banke

Wanvoeding is een van die oorsake van afwesigheid by primêre skole in Zimbabwe. Die minister van kultuur, Fay Chung, wys daarop dat die rol wat wanvoeding in druipsyfers in skole in Zimbabwe speel, nie te lig geag moet word nie.

## Namibia knoop bande

Namibia en Tjeggo-Slowakye vestig diplomatieke bande tussen die twee lande op ambassadeursvlak. 'n Ooreenkoms in dié verband word in Windhoek onderteken deur Namibia se adjunk-minister van buitelandse sake, Netumbo Nandi-Ndaitwah, en haar Tjeggiese ampsgenoot, Vera Bartoskova.

## Aids-waarskuwing

Die minister van gesondheid in Swaziland, dr Fanny Friedman, waarsku dat as Swazi's nie nóú ag slaan op die gevare wat Aids inhou nie, kan die land se bevolking van 700 000 drasties daal en kan die volk selfs uitgewis word. Dit volg op die bekendmaking van Aids-syfers wat 'n styging van 40 persent teenoor die syfer van ses maande gelede toon.

## Helikopter stort neer

'n Helikopter van die Zimbabwiese lugmag stort naby Sanyati-brug, Chinhoyi neer en vyf lede van die mag sterf.

# Suid-Afrika:

## VV-afvaardiging in SA

'n Afvaardiging van die Verenigde Volke kom op 'n feitesending in Suid-Afrika aan. Die afvaardiging sal samesprekings voer met woordvoerders van die regering, die ANC, UDF, Cosatu, Inkatha, politieke leiers, akademici en kerkleiers.

## Hou sanksies vol

Daar moet geen oorweging geskenk word aan die vermindering of opheffing van sanksies teen Suid-Afrika nie tensy so 'n appèl gesamentlik deur die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, en staatspresident FW De Klerk gemaak word nie. Dié stelling word gemaak in gesprekvoering tydens die VV-afvaardiging se besoek aan Kaapstad.

## Gaping bly groot

Inkomste-syfers wat deur die Suid-Afrikaanse Stigting vir Advertensie-navorsing bekend gemaak is, dui daarop dat daar steeds groot gapings bestaan tussen die verdienstes van verskeie groepe in Suid-Afrika. Die gemiddelde maandelikse inkomste van blanke gesinne staan op R3 297, vir Indiërgesinne is die syfer R1 604, die gemiddelde Kleurlinggesin het 'n inkomste van R1 059 per maand en swart gesinne moet met gemiddeld R521 per maand klaarkom.

## Polisie kry meer

Salaris-verhogings vir die Suid-Afrikaanse Polisie, in gevalle tot 79 persent, word aangekondig. Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, sê hy hoop dat die salarisverhogings en strukturele veranderings binne die mag, die vloed van bedankings sal stuit.

## Cillie-kommissie byeen

Die kommissie van ondersoek na bewerings dat 23 babas dood is as gevolg van die staking by Garankuwa-hospitaal in April vanjaar, begin in Pretoria te midde van berigte van intimidasie van getuies. Die kommissie onder voorsitterskap van regter Cillie, sal ook ondersoek instel na die oorsaak van die staking en die moontlike kriminele aanspreeklikheid van werkers wat by die dispuut betrokke was.

## Kollege sluit oor babas

Die KwaNdebele Onderwyskollege sluit na 'n dispuut tussen die owerheid en studente oor die hertoelating van 23 vrouestudente wat geskors is omdat hulle swanger is.

## AWB-lid aangehou

'n Lid van die AWB word deur die polisie aangehou in verband met die ontploffing by die Num-kantoor in Welkom die naweek. Die 30-jarige man word geïdentifiseer as HJC Steyn.

## BP se militêre vleuel

'n Militante splintergroep van die AWB, die nuwe AWB, spreek sy voorneme uit om homself as die militêre vleuel van die Boerestaat Party te vestig. Die beweging sê in 'n verklaring hy sal voortaan bekend staan as die BWB en het ten doel die hervestiging van die ou Boere Republieke.

## 612 in Natal dood

Altesame 612 mense is sedert 1 Januarie tot 31 Mei vanjaar in geweldpleging in Natal dood. Dié syfer word deur die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, in die parlement bekend gemaak.

## Afrikaanse ANC

Die konstitusionele riglyne van die ANC is in Afrikaans vertaal. Die dokument is deur die Afrikaanse departement van die Universiteit van Wes-Kaapland vertaal en sal deur die ANC gebruik word in gebiede van die land waar daar meestal net Afrikaans gepraat word.

## Mphonyana verloor stryd

Mphonyana Mathibela, die swakste van die siamese tweeling wat in 1988 in 'n baanbrekeroperasie in die Baragwanath-hospitaal van mekaar geskei is, sterf in die Tsephong-hospitaal op Klerksdorp. Haar tweelingsussie, Mpho, wat in die sorg van haar ma is, se toestand is besonder goed.

## Margo-bevinding

Regter Cecil Margo bevind dat die Boeing 747 Combi-vliegtuig soos die Helderberg wat in 1987 in die Indiese Oseaan naby Mauritius neergestort het, verban moet word omdat dit onveilig is. Die finale bevindings van die Margo-kommissie is aan die minister van Vervoer en van Openbare Werke, George Bartlett, oorhandig.

* Alle berigte verskaf deur Sapa en AFP

*'Ons leef om te haat'*

# Skinheads 'n kopseer vir die Franse

MARIE-PAULE GALLO

PARYS - Hulle noem hulself "skins", 'n verkorting van die Engelse "skinheads". Soos die Britse skurke wie se kaalgeskeerde koppe en swart klere hulle naboots, is die Franse "skins" jong, werklose stadsbewoners wat hulle daarin verlustig om immigrante aan te rand en te terroriseer.

Die meeste van Frankryk se sowat 2 000 skinheads is tussen 1965 en 1975 gebore. Hulle het byname soos "Toxin", "Mad Max", en "Tod", (wat in Duits dood beteken). Hulle aap die perverse nasionalisme van die verregses na, en fokus hul haat op uitlanders, boemelaars, homoseksuele en Jode. Toe ses skinheads in 1987 deur 'n hof in Nice verhoor is weens die moord op 'n immigrant van Noord-Afrika, het een van hulle gesê: "Ons hou nie van Arabiere nie. Ons het een doodgemaak. So what?."

Op 17 Mei, 'n week nadat 'n Joodse begraafplaas op Carpentas in die suide van Frankryk deur vandale beskadig is, het drie skinheads wat tussen 20 en 22 jaar oud is, erken dat hulle 90 Christen-grafte in 'n voorstad van Nantes geskend het. Hulle het die misdaad gepleeg omdat hulle gehoop het dat Jode vir die daad blameer sou word. Die polisie het 'n geweer, kettings, ysterstawe en bofbalkolwe by die drie se woonplekke gevind.

Vier dae voor die misdaad in Nantes, het 'n bende skinheads 'n partytjie in Clichy sous Bois, 'n voorstad van Parys, gehou. Dosyne van die jong skurke het in hul swart leerbaadjies met Keltiese kruise daarop, by die partytjie opgedaag om bier te drink en Nazi-liedjies te sing. Hulle het teen die einde van die nag die partytjie met 'n besoek aan 'n Joodse begraafplaas afgesluit, waar hulle grafstene omgekeer en swastikas op die mure van die plek geverf het.



Skinheads stel 'n heildronk in op die saal lewe

(Foto: AFP)

Vroeër vanjaar het die polisie tien skinheads weens gewelddadige optrede in hegtenis geneem. In 1988 was daar 150 sulke inhegtenisnemings. Vandag is skinhead-geweld net so 'n probleem in Frankryk as wat dit in die stede van Brittanje en Nederland is.

Franse skinheads leef volgens dié leuse: "Boire, bastonner, baiser", wat vertaal word as "drinking, fighting and fucking." Die bendeleier, "Batskin", sê: "Dit is waaroor die lewe gaan. Om goed en gaaf te wees maak my naar. Om 'n lang storie kort te maak, ons leef om te haat."

Die meeste van dié jong rebelle, wat hulself beskou as barbaarse diere wat deur almal gevrees moet word, bly steeds by hul ma's in die huis. Byna almal se ouers is geskei. Die jongste skinheads is so 14 tot 15 jaar oud, en hulle aanbid die ouer lede van die bendes wat met tatoeëermerke, meswonde en gevegsuitputting kan spog. Dié kinders is te jonk om die toekomstige boewe van "A Clockwork Orange" te herken, en hulle grond hul fantasieë op "Mad Max" en "Rambo". Een skinhead sê: "My ma stem nie saam met wat ek doen nie, maar sy stem saam oor hoe ek dink."

'n "Bird", of vroulike skinhead sê: "Waarvan ek van die beweging hou, is die musiek, die idees en die voorkoms. Ons is hier omdat ons dik is vir alles." Die eerste ding wat 'n aspirerende skinhead moet doen, is om sy/haar kop kaal te skeer en 'n paar tatoeëermerke te kry. Die gewildste tatoeëermerk is 'n valdeurspinnekop in die holte van die elmboog of op die agterkant van die nek. Sedert die verbanning van Nazi-simbole in 1988 het Franse skinheads die tradisionele Nazi-swastika met die ver-regse Afrikaner Weerstandsbeweging se teken vervang.

Die belangrikste aktiwiteit van skinheads is om te baklei. Snags drentel bendes by spoorwegstasies en op sypaadjies rond, ewig op die uitkyk vir swartmense, Arabiere, boemelaars, homoseksuele, dwelmverslaafdes en punks met wie hulle slaags kan raak.

Musiek is ook 'n baie belangrike deel van die skinhead-kultuur. Hulle musiek is egter nie van die soort wat kalmerend op die barbaarse hart kan inwerk nie. 'n Gewilde liedjie deur 'n groep met die naam "Evil Skins" lui: "Ons moet die kommuniste doodmaak; Na die gaskamers met almal van hulle; Hulle sal nie tyd hê om eers 'n woord te sê nie."

Hul helde is die mensehater-skrywer Céline, die Belgiese fascis Léon Degrelle, die Nazi's Rudolf Hess en Herman Goebbels, en die strokiesprentkarakters Dracula en Batman.

Regdeur Frankryk hou bendes kontak met mekaar deur gefotostateerde briewe wat met swastikas, Keltiese kruise en foto's van Hitler versier is. Dit bevat artikels wat op die gevare van Marxisme en die "internasinale Joodse beweging" wys.


'n Aantal neo-fascistiese politieke groepe het probeer om die skinheads by hul partye in te sluit. Jean-Gilles Malliarkis se "Third Path" en die PNFE (National French and European Party) het hul idees vergeet nadat hulle agtergekom het dat skinheads in opstand kom teen pogings om dissipline uit te oefen. Die skinheads se koestering van die nasionaal-sosialistiese ideale laat veral die Duitse owerhede erg bekommerd.

Hoewel daar net 'n paar honderd skinheads in Oostenryk is, is hulle baie wreedaardig. Sedert die val van die kommunistiese regerings van Oos-Europa, het bendes skinheads in Hongarye, Tjeggo-Slowakye en veral in Oos-Duitsland, waar hulle verantwoordelik was vir wrede aanvalle op Jode en Turke, tot stand gekom. - AFP.

# Kenia tik amptenaar oor die vingers

NAIROBI - Kenia se enigste politieke party, die Kenya African National Union (Kanu), het 'n amptenaar wat dié party se jeugvleuel aangemoedig het om afvalliges se vingers af te kap, geskors.

In 'n verklaring van dié party se direktoraat van openbare betrekkinge, sê die party dié oproep om ondersteuners van 'n veelpartystaat wat die vredesteken maak se vingers af te kap "teenstrydig is met die party se kode van dissipline en die wette van die land". Die party het gereageer op Wilson Leitich, die hoof van Kanu in Nakuru, 160 kilometer wes van Nairobi, se oproep tot die party se jeug om messe te dra en gereed te wees vir enigeen wat die tweevinger-saluut in die openbaar maak. "Ons wil nie die tweevinger-saluut hê nie," het Leitich dié week op 'n saamtrek in Nakuru gesê. "Net die eenvinger-saluut van Kanu is aanvaarbaar." Hy het die vigilantes ook aangeraai om gewone kleredrag eerder as die Kanu-jeuguniform te dra sodat hulle ongemerk die veelparty-aktiviste kan opspoor en ontvinger. - AFP



BOEKAREST - 'n Polisieman en 'n weermagoffisier swaai die knuppels teen twee van die 500 betogers wat weer geprobeer het om Universiteitsplein te betree nadat die polisie Woensdag 200 mense in hegtenis geneem en die plein gesluit het.

(Foto: AP)

WOODMEAD SCHOOL

**Skoolhoof**

HUMANITAS

**Woodmead School kondig aan dat dié skool beoog om 'n laerskool in 1992/3 te begin en die huidige ampsbekleër sal vir dié projek verantwoordelik wees.**
**Die bestuursliggaam wag navrae in oor bogenoemde pos in die bestaande sekondêre skool wat in Januarie 1991 begin. Dit bied 'n unieke geleentheid aan 'n uitstaande opvoeder om aan die hoof te staan van dié bekende, oop en progressiewe private skool noord van Johannesburg.**

Vir verdere inligting oor dié betrekking, moet toepaslik-gekwalifiseerde kandidate skryf aan:
Die Aanstellingskomitee
Woodmead School
Posbus 68068
Bryanston
2021
Tel: (011) 708-1849

Aansoeke moet die skool bereik teen Vrydag, 29 Junie 1990

**Woodmead is 'n nie-diskriminerende werkgewer**

NATIONAL UNION OF METAL-WORKERS OF SOUTH AFRICA
(Gerigistreer onder die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956)

**Die National Union of Metalworkers of South Arica (Numsa) benodig die dienste van 'n gekwalifiseerde prokureur/advokaat met ondervinding van Arbeidswetgewing en die Industriële Hof, en met 'n verbintenis tot die vakbond-beweging.**

***Die suksesvolle aansoeker sal in die Hoofkantoor in 'n gevestigde Regsdepartement werk. Sy/haar dienste sal insluit:***
- Die voorbereiding en behartiging van sake in die Industriële Hof;
- Voorbereiding, beredenering en teenstand van dringende aansoeke;
- Advies en bystand aan Streeks-regsoffisiere en organiseerders;
- Koördinering en behartiging van opleidingseminare;
- Navorsing en verskaffing van regsopinies;
- Verspreiding van inligting oor sake met betrekking tot Arbeidsreg.

***Stuur 'n CV en die name van twee referente aan:***
**Die Nasionale Regsoffisier**
**Posbus 260483**
**EXCOM**
**2023**

NUMSA

*Die wip het gebreek*

# Nou sal mens van mense praat soos mens moet praat van mense

DIT het bykans 37 jaar geduur en waarskynlik meer hartseer en bitterheid veroorsaak as enige ander stuk wetgewing in ons geskiedenis.

Hoe mooi het dit nie geklink nie: "Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe", terwyl dit eintlik beteken het: Wet op die Afwysing van Menswaardigheid. Die Wet van Absolute Apartheid en die ekonomiese onhaalbare en moreel onverdedigbare utopie van afsonderlike geriewe.

Afsonderlike geriewe. Apartheid in sy kleinste en venynigste vorm, wat bepaal het waar mense moet eet, slaap, piepie, bal rondskop, posseëls koop of sommer net in die son sit. Die sigbaarste en aanstootlikste manifestasie van witmense se sogenaamde uitverkore posisie in Suid-Afrika.

En een van die "hoekpilare" van apartheid.

Dit is tipies Suid-Afrikaans dat ook die herroeping van dié wetgewing so belaglik vertonerig moet wees: "Die Wetsontwerp op die Herroeping van Diskriminerende Wetgewing betreffende Openbare Geriewe."

Hoekom nie sommer net Wetsontwerp teen Rassebordjies nie?

As daar ooit 'n onontkenbare teken is dat apartheid afgetakel word, is dit dié wetgewing wat vandeesweek in die wit Volksraad bespreek is. Hierna sal mens net, soos Adam Small dit in 'n gedig gestel het, "van mense praat soos mens moet praat van mense".

Dié wetgewing, waardeur die nuwe Suid-Afrika op sy sigbaarste gestalte begin aanneem, tree op Maandag 15 Oktober in werking, vier maande van vandag af. Daarmee kom daar dan 'n einde aan die droom van apartheid, soos dit beliggaam is in die wit republiek wat in 1961 gebore is.

Ek sou kon glo dat die regering waarskynlik presies dié vier maande in gedagte gehad het, toe hulle besluit het op die betrokke datum. 'n Derde van 'n jaar om 37 jaar met bordjie en tak uit te roei. 'n Pennestreep is natuurlik al genoeg, maar 'n mens moet darem nog 'n laaste wit wintervakansie by Tshipise of Warmbad aan die kiesers kan gee.

Maar daar is groter ironieë as wat 'n mens besef, want op 15 Oktober 1960 is dit presies 30 jaar na die Republikeinse dankfees by die (ja, u het reg geraai) Amfiteater van die Voortrekkermonument.

Op 5 Oktober 1960 het wit kiesers in Suid-Afrika met 'n meerderheid van amper 75 000 stemme ten gunste van 'n republiek gestem én vir die verabsolutering van apartheid sonder buitelandse inmenging. Toe die FAK daarna binne 'n week 'n dankfees reël, het hulle 70 000 mense soontoe gelok. (Eat your heart out, reuse-volksvergaderingorganiseerders en Houtstokkers...)

15 Oktober 1960. Verwoerd aan die woord op dié "lentedag van ons geskiedenis" en sy oproep aan die volk om hom "toe te wy aan Suid-Afrika in geloofsvertroue, waaruit alleen die allerdiepste krag kan spruit".

Ek gaan soek na wat gedoen en gesê is op daardie dag. Roemeine 8 is gelees, maar ek weet nie watter gedeelte nie. Maar ek vind 'n teksvers vir 15 Oktober 1990 se geboorte van die nuwe republiek: "Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding." A luta continua.

Miskien moet ons, as ons hoop op die toekoms, eers net 'n slag diep asemhaal en terugdink aan die 37 jaar se verskrikking. Wat is die verskriklikste Klein-apartheid-stories wat ons ken? Miskien moet Vrye Weekblad van nou af tot 15 Oktober elke week van sy lesers se stories daaroor plaas sodat ons kan weet wat ons gedoen het.

Ek kan aan geen hartseerder begin dink, as juis Adam Small se beginvertelling in sy boekie "Die eerste steen?" nie.

*My blanke broer, kan jy jouself indink in die plek van 'n bruin- of 'n swartman wat deur die volgende ervaring moet leef?*


*Hy en sy vrou wat ses maande swanger is, het die sonnige middag by die see deurgebring en, ondanks alles, was dit aangenaam... ondanks alles, want die bewussyn van deurleefde vernederings bly immer lewe, ook in weerwil van, of miskien juis omrede, al die mooi dinge van die sintuie, soos ook die ope blou rus van die see...*

*Later die middag besef hy egter weer hoe sulke oomblikke gedurig vir hom lieg.*

*Hy en sy vrou wat ses maande swanger is, moet die bus haal, terug huis toe. By die halte waar hulle opklim is die agterste deel van die bus waar hulle mag sit, reeds oorvol, behalwe vir nog 'n paar staanplekke - dis agter die streep X in die bus. Voor X is daar tien sitplekke gereserveer slegs vir blankes - daar mag hy, of sy vrou wat ses maande swanger is, nie sit nie. Tog is van daardie tien sitplekke agt nog leeg. Agt sitplekke in 'n bus onbeset, maar 'n vrou, ses maande swanger, mag nie sit nie, sy's nie wit nie.*

*Die kondukteur, toe hy die fooi neem, kan nie anders as nee sê as hy gevra word of die vrou dan nie maar mag sit nie. Hy wys maar na die bord wat nou orals met ons saamreis - inderdaad, hy kan nie anders nie as om hulle verder in die bus terug te beduie: hulle het effens aan die verkeerde kant, oor die streep X gestaan.*

*En die vrou wat die vernedering moet meemaak? - 'n meisie met 'n universiteitsgraad, gevoelig opgevoed, sy verwag haar eerste baba. Nou staan sy daar, terwyl agt sitplekke voor haar leeg is, en hou aan 'n leerband bo in die rukkende bus vas om haar ewewig te behou.*



*As jy blank is, vriend, probeer jouself dan indink in die plek van so 'n vrou; probeer jouself indink in die plek waar so 'n vrou jou vrou is. Probeer vir jouself uitmaak die innerlike gewaarwordings van twee sulke mense as hulle na sewe myl uit daardie bus klim - en daardie vrou het daardie hele sewe myl, ondanks daardie leë sitplekke, moes staan.*

*Ons weet, vriend, dis nie vir jou maklik om jouself in so 'n posisie in te dink nie, want hierdie soort deurlewenis tel nie in jou dae nie; jy het baie om voor dankbaar te wees - maar juis daarom kan ons jou vergewe as jy praat, en jy praat feitlik deurgaans so, soos een wat nie weet waarvoor jy dankbaar moet wees nie, soos een wat nie weet wat dit is om die kleinste ervarings van die dag te deurlewe soos ons hulle moet deurlewe nie.*

*Ek sê ons in 'n baie persoonlike sin - want daardie vrou is my vrou.*


*Maar hierdie ervaring is maar één van die soort wat ons moet deurmaak - een van die ontelbares soortgelyk.*

Ek gaan terug na 15 Oktober 1960 en gaan soek daar in die verlede die dinge om die toekoms op te bou. En dan kry ek die mooiste ding om 15 Oktober 1990 mee te verwoord, die teksvers vir die dankrede destyds: Psalm 124 vers 7.

En hoeveel wonderliker waar nie vir Suid-Afrika op die vooraand van sy nuwe bestaan nie: "Ons is bevry soos 'n voël uit die wip van 'n voëlvanger; die wip het gebreek en ons was vry!"

# Beyers Naudé: van sondebok na biegvader

**Dr Beyers Naudé, gewese moderator van die NG Sinode Suid-Transvaal, het na 27 jaar vir die eerste keer weer in 'n NG gemeente opgetree - nie as predikant by 'n erediens nie, maar as spreker by 'n gemeentelike vergadering. INA VAN DER LINDE het dié bespreking bygewoon**



Dr Beyers Naudé

VAN sondebok na biegvader. Dit was die ongemaklike rol waarin die verloopte NG dominee, dr Beyers Naudé, hom laas Sondagaand in die NG gemeente Parksig in Johannesburg bevind het.

Naudé, toenmalige moderator van die NG Sinode Suid-Transvaal, het na 27 jaar vir die eerste keer weer in 'n NG gemeente opgetree - weliswaar nie as predikant by 'n erediens nie, maar as spreker by 'n gemeentelike vergadering. Die onderwerp was die rol van die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika.

Wat hy die aand gesê het, was nie nuut nie. Wat wel nuut was, was die ope arms waarmee hy deur die oorgrote meerderheid van toehoorders verwelkom is, en die bestaansnood wat gespreek het uit die skerp kritiek waarmee sommiges die NG Kerk gekasty het.

Soos die "1963 pastorieseun van Hermanus", wat nou in Hillbrow woon. Hy is een van die menige oud-lidmate wat niks van die NG Kerk wil weet nie, sê hy.

"Ons loop van kerk tot kerk op soek na 'n plek wat Afrikaans praat. Ons is die ekstra Christenkerk op soek na 'n gebou."

'n NG-lidmaat verklaar: "Ek voel soos 'n oorloper in die Boere-oorlog. Ek het verwag dat dr Naudé polities sou praat, maar dankie vir u boodskap van liefde van Jesus Christus... Slegs deur Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees kan daar ooit verandering kom.

'n Gemeentelid, H de Klerk, het verklaar dat as die Kerk nie met iets ernstigers as algemeenhede vorendag kom nie, die NGK nie as 'n homogene eenheid sal voortbestaan nie. Hy het nie die vertroue dat die Kerk op sy komende Algemene Sinode in Oktober 'n samehangende standpunt sal inneem oor die verlede en sal boete doen nie.

"Was daar al ooit 'n kerk in die geskiedenis wat werklik 'n rol gespeel het in die oplossing van rasseprobleme? Soos Roosevelt gesê het: 'Eleven o'clock on a Sunday is the most segregated hour in America.' Die Kerk dien die doel om agter geslote deure mekaar warm te broei."

En hierop antwoord die aarts-kommunis, die uitverkoper van die Afrikaner, soos Naudé meer as eenmaal in sy lewe genoem is: "Ek bevind my vanaand in die eienaardige posisie dat ek die NGK sterker moet verdedig as julle.

"As die NGK geloof en vertroue het in die waarheid van die Evangelie en die werking van die Heilige Gees, is daar geen rede waarom die Kerk nie 'n beslissende rol kan speel in die toekoms van die land nie.

"Ek sê dit nie vanweë die vertroue wat ek in die NGK het nie, maar vanweë my vertroue in die waarheid van die Woord.

"As die kerk bereidwillig is om te bely, sal u verbaas wees wat God met ons kan doen. Maar die waarheid werk nie net deur die kerk nie. Waar 'n kerk ongehoorsaam is, skep God ander weë om die boodskap te dra."

Ironies genoeg het die sterkste kritiek die aand gekom van twee eertydse vriende: prof Ben Engelbrecht van Godsdiensstudies aan Wits, 'n eertydse NGK-dominee wat afgesit is weens sy werksaamhede by die Christelike Instituut (CI), en van dr Jan van Rooyen, 'n ondersteuner van CI in die beginjare, en Naudé se gemeentepredikant wat in 1976 sy boete van R50 betaal het om hom uit die tronk te hou nadat Naudé geweier het om voor die Schlebusch-kommissie te getuig, of om self sy boete te betaal.

Van Rooyen, wat reeds afgetree het en nou besig is met 'n tweede doktorale studie, dié keer oor die CI, het verklaar dat die NGK tereg in die beskuldigdebank geplaas word. Die NGK het vanuit die politiek na die Evangelie gekyk, en 'n apartheidskerk geword.

"My probleem met dr Naudé is dat hy vanuit die Skrif by die politiek beland het. Ek sit nou met die dilemma dat ek dit nie kan uithou met die NGK nie, maar ook nie met hom nie. Vanaf 1974 het hy alles verpolitiseer en toe reeds was daar duidelike spore van die ANC by hom."

Hy het verwys na Naudé se stelling vroeër die aand dat die NGK 'n teologiese dokument of studiestuk moet opstel waarin die Kerk die rol wat hy in 'n nuwe Suid-Afrika wil speel, uitspel.

"As u vir die NGK sê spel uit hoe die jare 90 sal lyk, lyk dit my u wil dat NGK die ANC se doelstellings moet ondersteun, ook wat betref sanksies of 'n bloedbad om Suid-Afrika op sy knieë te dwing.

"As u uiteindelik soveel het wat honger ly, weet ek nie wat 'n mens met u moet maak nie. Verder plaas u u handtekening onder die teologie van die revolusie, weg van die Skrif."

Naudé het sy standpunt herhaal dat die meerderheid swartmense in die land ten gunste is van sanksies ten einde 'n nuwe politieke klimaat in die land te skep. "U moenie my verantwoordelik hou vir die lyding van swartmense nie."

Engelbrecht het Naudé weer daarvan beskuldig dat hy nog niks nuuts sê sedert sy dae by die CI nie. "Hy het vanaand nie 'n enkele sinvolle woord vir die NG Kerk gesê nie."

Engelbrecht is stil gebrul toe hy later weer 'n opmerking wou maak.

Dan was daar ook die vrou wat van hom wou weet hoe hy die rol van die vrou in die nuwe Suid-Afrika sien, en 'n skooldogter wat bekommerd was oor die "totale ont-christeliking van die jeug op die skoolbanke".

Maar moontlik die merkwaardigste van die aand was die gemak waarmee Naudé na soveel jare op tipiese NGK-jargon kon terugval - uitdrukkings soos "die werking van die Heilige Gees in die harte van mense", "geestelike herlewing" en "die suiwer Evangelie".

En met tye kon 'n mens jou selfs verbeel dat die groot morele en teologiese oorlog wat die afgelope 40 jaar in die NGK woed, uiteindelik verby is.

*Vrye* Weekblad

## De Klerk en die regses

Staatspresident FW de Klerk het voor 'n emstige politieke krisis te staan gekom: hoe om die groeiende militêre bedreiging van die ultra-regses en die openlike en verborge dislojaliteite onder elemente van die polisie en weermag die hoof te bied.

In 'n berig vandag waarsku Vrye Weekblad dat dit lyk asof die regering besig is om politieke beheer oor die regses se militêre bedrywighede te verloor en dat daar inligting is wat daarop dui dat die regses dodelik emstig is en aksies van skrikwekkende omvang beplan.

Ons wil daarom 'n emstige beroep doen op President De Klerk om geen oomblik langer te aarsel nie. Onmiddellike besliste stappe op dié vroeë tydstip is dringend nodig voordat die situasie hande mag uitruk, met tragiese gevolge vir beide die ANC en die regering.

Op die spel is niks minder nie as die huidige delikate onderhandelingsproses tussen die ANC en die regering waarmee alreeds belangrike vordering gemaak is.

Ons het groot waardering vir die sleutelrol wat die Staatspresident persoonlik die afgelope nege maande gespeel het om dit moontlik te maak dat ware vrede in Suid-Afrika bewerkstellig kan word.

Ook is daar groot waardering dat sedert hy mag oorgeneem het, hy doelgerig en beslis die vlerke van die veiligheids-establishment geknip het.

Daarom speel die veiligheidsmense vandag 'n onbeduidende rol in die politieke besluitnemingsproses. Maar dit alles sou vergeefs gewees het vanweë die huidige fisieke regse bedreiging op dié oomblik.

Die uitdagende, koggelende ultra-regse verset en openlike dislojaliteit van sekere offisiere in die veiligheidsestablishment is besig om van President De Klerk se vredesproses 'n bespotting te maak.

Dit is nie genoeg vir hom om sy hande in onskuld te was en die indruk te skep dat hy hom nie direk met veiligheidsake bemoei nie. Ook los hy niks op deur tegnies en wetties te skuil agter die uitspraak van die Harms-kommissie van ondersoek oor doodsbendes wat nog maande mag neem nie.

Die tyd het aangebreek dat die Staatspresident self sy hande bevuil en persoonlik gaan ondersoek instel na wat op grondvlak aan die gang is. As dit dan waar is dat hy nie van sekere onheilspellende ontwikkelinge bewus is nie, moet hy ondersoek instel waarom hy deur sy veiligheidsadviseurs in die duister gehou word.

## Die SAP

Die verhogings wat nou aan polisiemanne toegestaan is, moet verwelkom word.

Hierdie koerant het al meer as een keer gevra dat die vergoedingspakket vir polisiemanne ingrypend verbeter word, want daarsonder kan Suid-Afrika nie 'n polisiemag bou waarop die bevolking kan trots wees en kan vertrou nie.

Nou het die polisie dit gekry. Van nou af gaan daar nie meer 'n verskoning wees dat die regte soort mense nie getrek kan word nie, of dat hulle oorwerk en onder-betaal is en wanoptrede daarom verstaanbaar is nie.

Ons hoop die nuwe bedeling is die begin van die bouproses aan 'n nuwe, trotse polisiemag vir die nuwe Suid-Afrika wat nou in wording is.

## Die DP en die toekoms

Die uitslag van die tussenverkiesing in Umlazi was 'n lae hou vir die Demokratiese Party.

Dit was darem ook nie onverwags nie. 'n Aansienlike deel van die ondersteuning van die DP was van die begin af verligte rige Nattes wat nie van PW Botha se styl gehou het nie en so half gevoel het die NP kan 'n bietjie vinniger beweeg. Dit het FW de Klerk maar 'n paar maande gevat om dié mense vir die NP terug te win.

Om die waarheid te sê, hy het lankal 'n deel van die DP verbygesteek, veral 'n klomp van die oud-Progge wat net anti-Nat en anti-Boer was, maar vir nie-rassigheid en meerderheidsregering nooit veel ooghare gehad het nie.

Hoe dit ook al sy, ons hoop nie die oorblywende DP-lede en die leierskap gaan nou moed verloor nie.

Mense wat glo in 'n nie-rassige demokrasie maar terselfdertyd sterk verbind is tot 'n oop, verdraagsame gemeenskap en absolute respek vir menseregte is skaars in ons land. En dit is tog waaroor die DP gaan, of hoe?

Die stryd om dié waardes gaan in alle erns voort. Elke lid en elke leiersfiguur en elke struktuur van die DP is nodig om dit te help bevorder.


Maar as bloot 'n wit party in die Volksraad kan die DP tog nie voortbestaan nie.

Ons glo dit is tyd dat die DP sy halfhartige meelopers - veral die liberales wat nie regtig 'n maag het vir volwaardige, nie-rassige demokrasie en 'n aanspreek van die onreg van die laaste eeu nie - afskud en oop en eerlik met die ANC begin gesels oor alliansie-vorming.

En dit moet nóú begin, nie oor 'n paar maande of volgende jaar nie. Anders gaan die Nasionale Party hulle weer verbysteek.



DALINGS EN VERHOGINGS



BRIEWE

*Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.*

# Waarom is FW steeds 'Madam se man'?

**Madeleine du Toit van Pretoria skryf 'n ope brief aan Egbertus Klaagvoort:**

Jy is my held - dikwels. Soms laat jy my lag dat ek krul. Jy kan wonderlik fyn spot as jy wil. Maar jy kan vervlaks kru en nydig wees, en vervelig ook.

Week na week lees ek jou rubriek met gemengde gevoelens, en vandag is die dag waarop ek die moordkuil van my hart tot op die been oopvlek.

Kyk, ek is net so min 'n Nasionalis soos jy. Maar ek verstaan nie waarom pres De Klerk nog steeds "Madam se man" is nie. Tensy jy iets weet wat ek nie weet nie, iets wat ter sake is. If so, do tell.

Trouens, ek begin wonder of mev De Klerk soveel volgehoue venyn verdien. Sy is glo "kwaai", sê hulle, maar het sy dan géén deugde nie? Ek weet nie van jou nie, miskien kom jy uit 'n verligte familie, maar ek het 'n lang pad geloop. Baie van ons het. Ek loop nog steeds. Miskien voel mev De Klerk ook anders as 'n paar jaar gelede.

Ek het nog nooit in Vrye Weekblad 'n onderhoud met haar gelees nie. Kan sy miskien vir haarself praat?

As iemand met 'n lydensgeskiedenis soos Mandela s'n kan sê De Klerk verdien erkenning, kan ons seker ook toegee. Nie erkenning buitelands deur sanksies op te hef nie - ons is nog nie daar nie - maar miskien binnelands in die vorm van 'n effens lojaler of selfs minder onbeskofte verset.

Ek praat van die man self. Allerlei dinge kan teen hom gesê word (soos: apartheid is nog daar; daar is merkwaardige gesiggies in die kabinet; gewapende warlords, wit en swart bedreig en neem lewens en word nie eens ontwapen nie; die Harms-kommissie is 'n klug; bowenal, die NP het nog steeds nie die sondes - nie foute nie, sondes - van apartheid bely en die swart bevolking om vergifnis gevra nie).

Maar De Klerk het heelwat moed en integriteit; hy probeer sy oortuigings uitleef. Vir my is dié oortuigings te eng; maar minagting verdien hy nie.

En terwyl ek nou aan die gang is, Egbertus, ek is moeg vir die Koeksistergilde en ook vir Moeder se baard en die hele Klaagvoort-binnekamer-scene.

Sorry, Egbertus, I still love you.

## Persoonlike vergelding

**Arlene Terblanche van Randburg skryf:**

My brief is na aanleiding van 'n artikel deur Ina van der Linde (Vrye Weekblad, 1 Junie 1990, "Afsondering het sy tol geëis").

Dit blyk dat sy in die laaste derde van haar artikel beheer oor haar objektiwiteit verloor en dit 'n saak van persoonlike vergelding maak. Die ideaal van joernalistiek is tog sekerlik objektiewe beriggewing en veral met 'n belowende koerant soos Vrye Weekblad, verwag 'n mens en kleinlike persoonsaanvalle nie. Dit doen baie skade aan die geloofwaardigheid daarvan.

Van der Linde misbruik die media deur haar interpretasie as feite aan niksvermoedende lesers te stel.

Dit is 'n blatant lasterlike stelling dat mej Roodt 'n sadistiese plesier uit ander se angs put. Sy het baie ondervinding in die bos en ook met toeriste. Sy was in die verlede 'n toergids in die Krugerwildtuin en het ook verskeie safari's in Botswana vergesel. Sy weet hoe om diere aan 'n mens te wys en as dit nie Van der Linde se vertroue gehad het nie, is dit jammer. Verder is dit vir my verstaanbaar dat Roodt geïrriteerd kan raak met mense wat vir haar sê wat om te doen op 'n gebied waarvan hulle min weet.

Dit is ook lagwekkend om te besluit dat sekere krasgesproke opinies die gevolg is van afsondering. Die aanhalings is uit konteks gehaal en deur Van der Linde se interpretasie verdraai.

"Boertjie" is 'n versamelnaam wat 'n sekere tipe mens geld. Dit is beslis nie 'n veralgemening van alle Afrikaners nie: Veronica beskou haarself dan as 'n Afrikaner.

Dit is ook onjuis om Hitler se wandade as teiken vir bewondering aan te dui. Dit gaan nie om Hitler as sulks nie, maar die verskynsel van die vermoë wat sekere mense het om ander op groot skaal mee te voer.

Die stelling "die mens is niks" verwys eerder na die nederigheid van die mens in die geheel en nie na die waarde van sy lewe nie. Om dus laasgenoemde te insinueer en haar van minagting te beskuldig is weer eens laster. Boonop is dié aanhalings so gerangskik om te lyk asof hulle verband hou met mekaar.

Om verder die gevolgtrekking te maak dat Roodt nie "gou weer in sosiale menslike strukture sal funksioneer nie" is absoluut belaglik. In die eerste plek is sy nie so geïsoleerd as wat Van der Linde wil voorgee nie.

Sy het nagelaat om te sê dat die safarikampe net vyf kilometer van haar kamp is. Veronica is goed bevriend met mense daar en besoek hulle wanneer sy wil. Verder kom 'n projek soos dié in Ghanzi tog nie nader aan sosiale diens nie.

Om in slegs vier dae só 'n kras oordeel te fel oor iemand van wie jy nie veel weet nie, is onprofessioneel. Dat sy nie oor die weg gekom het met Van der Linde nie, maak nie van haar 'n abnormale mens nie.

## Skeppende konflik

**Valerie Botha van die Sentrum vir Intergroepstudies, p/a Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700, skryf:**

Ons staan almal op die drumpel van 'n nuwe Suid-Afrikaanse samelewing - met nuwe uitdagings, opwinding en groot nuwe geleenthede. Dit sal egter ook sy eie konflikervarings meebring, wat onvermydelik is wanneer instelling en sosiale strukture, asook individue, verander en groei.

Konflik tussen mense is normaal, selfs tussen mense wat mekaar liefhet en respekteer. 'n Konflik-vrye bestaan is 'n illusie. Daar bestaan egter wel bepaalde positiewe maniere om konflik te hanteer, wat verhoudinge kan versterk, veiliger omgewings kan skep en sosiale ongeregtigheid kan teenwerk.

Heelwat van ons daaglikse konflikervarings kan herlei word tot kommunikasieprobleme as gevolg van verskille in taal, geslag, ras, etnisisteit, ouderdom en ekonomiese agtergrond. Dit is dikwels vir ons moeilik om te luister en te verstaan. Die potensiaal vir teenstrydige interpretasies is eindeloos.

Dit was Mahatma Gandhi wat gesê het: "As ons ware vrede in die wêreld wil hê... moet ons by die kinders begin."

Dit is belangwekkend en opwindend dat vele van die oorsese konflikhanteringsprogramme spesifiek toegespits is op die jeug van vandag - môre se volwassenes. Jongmense, op skool en in ander omgewings, word daarop gewys dat daar ander moontlikhede, buiten blote passiwiteit of "spiere wys", bestaan vir die hantering van konflik. Hulle word toegerus met die vaardighede wat hulle in staat stel om in die werklike lewe hierdie alternatiewe keuses te maak. Dié onderrigprogramme het ten doel om die jeug te help om op 'n kreatiewe wyse op konfliksituasies te reageer en dit te omskep in 'n positiewe bate. Met dié vermoë kan hulle dan hulle familie- en gemeenskapslewe betree.

*Vervolg op bl 22*

# BRIEWE

## Skeppende konflik

*Van bl 20*

Die Sentrum vir Intergroepstudies, 'n onafhanklike inrigting wat, onder meer, op konflikhantering toegepits is, stel spesifiek belang in dié rigting en sal graag kennis wil dra van enigiets wat in dié verband in ons land gedoen word. Ons is bewus daarvan dat daar vele individue en organisasies is wat besig is met opwindende en vernuwende projekte, en wat 'n belangrike invloed op die Suid-Afrikaanse jeug het.

Die Sentrum wil graag sulke individue en organisasies identifiseer en kontak bewerkstellig sodat 'n oorsig verkry kan word oor die bestaande programme en benaderings wat tans gebruik word. Graag nooi ons hiermee persone wat in dié verband by jeugwerk betrokke is om ons telefonies of skriftelik te kontak by (021) 650-3770 (oggende).

## Walvisbenutting

**Erina Botha van die Natuurlewevereniging van Suider-Afrika skryf:**


'n Moratorium op kommersiële walvisvangs behoort net van krag te bly totdat die Internasionale Walvisvangskommissie (IWK) ooreenkom om beheermaatreëls in te stel wat die toepassing van 'n wetenskaplik berekende kwotastelsel kan verseker, sê die Natuurlewevereniging van Suider-Afrika.

Die Natuurlewevereniging is van mening dat die moratorium, wat binnekort heroorweeg gaan word, nie vir 'n verdere dekade ingestel behoort te word nie. Die algehele verbod is ingestel toe min navorsinginligting oor walvisse beskikbaar was en verskeie spesies vermoedelik op die randjie van uitwissing was.

Sommige walvisbevolkings soos dié van die dwergvinwalvis, wat tans op meer as 350 000 staan, het so goed herstel dat standhoudende benutting nou toegelaat kan word. Die moratorium tref egter nie onderskeid tussen bevolkings wat oorbenut word aldan nie.

Hoewel die Natuurlewevereniging geheel en al gekant is teen benutting in so 'n mate dat die voortbestaan van enige spesie in gevaar gestel sou word, staan dit wel die standhoudende gebruik van alle vorme van natuurlewe op land en in die see voor.

Totdat die lidlande van die IWK egter kan ooreenkom op 'n bestuursplan wat die streng beheer van walviskwotas moontlik sal maak, is daar geen waarborg dat benutting nie weer 'n bedreiging vir dié soogdiere se voortbestaan sal inhou nie.




'n Bron van kommer vir die Vereniging is die Suid-Afrikaanse kommissaris se gebrek aan aktiewe deelname ten opsigte van die wetenskaplike komitee van die IWK. Ondanks walvisnavorsing van 'n internasionale gehalte in Suid-Afrika, was daar sedert 1984 geen aktiewe deelname van die kant van die kommissaris in dié komitee nie.

Die Vereniging ondersteun Suid-Afrika se voortgesette lidmaatskap van die IWK. Die Vereniging rig ook 'n versoek aan die kommissaris om weer aktief deel te neem aan die Kommissie aangesien dit die enigste manier is waarop Suid-Afrika 'n positiewe invloed op die Internasionale bestuur van dié belangrike natuurbron kan uitoefen.

# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Fordsburg 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

### PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede gaan aan die groot appel hap, die pitte uitspoeg en nooit weer terugkyk nie

Bleskoppe teen Apartheid sê nie boe of ba nie

Skrywers teen Sensuur sê, woorde om te vers is skaars soos maagde.

Wanneer word die organiseerders van Houtstok dan oor die kole gehaal?

### WERK

Ons trek en ons uitstekende huishulp soek voltydse werk met verblyf. Sy is hardwerkend, leergierig, sagmoedig en goed met kinders. Bel asseblief Amalie by 648-4596

Alle meisies en vroue, asook klein seuntjies en dogtertjies, om op sekere Saterdae as modelle vir ons modes in ons modeteater in Johannesburg op te tree. Geen ondervinding nodig nie. Vir meer inligting skakel (011) 834-4738 of (011) 836-9171 X15 slegs in die aande. Of kom sien ons by The Star Spangled-promosies, 1st Vloer Connaught Mansions, Breëstraat 215, Johannesburg

### WOONPLEK

PAULSHOF: Gemeubileerde huis te deel R550. Skakel Linda (w) (011) 463-2010 (h) 803 5246

Huis te deel in Westdene. Toesluitgarage. R600 per maand. Skakel Annatjie by 402-4308 gedurende kantoorure

GARDEN ROUTE: Riverside House, Great Brak River R50 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. Phone (04442) 3387

CABANA Winkelspruit: 6 bed luxury from 29 June until 6 July 1990, R200 deposit plus R100 per day, for more information phone (012) 542-2630

BRIXTON: Nie-roker om 'n huis vanaf 1 Augustus te deel. R440 per maand. Vir meer inligting skakel Karen by (011) 839-1491

### DIENSTE

AGGRIEVED BY AN UNFAIR DISMISSAL FROM WORK?
You may legally claim compensation and/or re-instatement in your job.
Please contact: Tel (011) 609-3405. Fax (011) 609-3405 for immediate assistance

REGTERBREIN-DINAMIKA
Vermeerder jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643-4659

**Bedrewe verwer.**
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae

Tik- en vertaalwerk, bel Louise by (012) 46-6577

TAROT readings
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301-5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689-1194 (5.30nm tot 7.30nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56-1483, Pretoria (012) 320-2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30nm tot 7.00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

**Visual art courses**
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

**Crafts**
Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788 3994

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

### GEBEURE


Woensdag 20 Junie - U word uitgenooi om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Lifegebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "Under Orders, Under Fire (Part 2)". Almal welkom

The US Information Service at the Ipelegeng Community Centre will present a series of videos on "Ethics in America" during the month of June.
The videos will be screened Tuesdays at 3pm. The title of this week's video: "Under Orders, Under Fire (Part 2)" - it examines the ethical issues arising during military services and combat situations. From the moment a young man joins the army, what happens to his personal sense of ethics and values when they are challenged by "the system" in a war time situation?

### MARK

**Illustrations, comics, logos and graphics designed and executed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night**


**REGTE, EGTE, GOEIE GESONDHEIDSVOEDSEL**



Fruits & Roots verskaf die beste gehalte voedsel en natuurlike produkte – handhaaf die hoogste gesondheids- en ekologiese standaarde.

FRUITS & ROOTS VIR BETER GESONDHEID NATUURLIK

**NOU OP 'N NUWE RUIM PERSEEL NET 1 BLOK STRAAT AF!**

Rockeystraat 28a, Bellevue, 2198
Uit Bezuidenhoutlaan
Tel (011) 648-0251 Faks (011) 648-9509
Handelsnavrae welkom

Kashgar

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliers ware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..............................
Adres: ..............................
..............................
.............................. Poskode: ..........
Telefoon: ..............................

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK


*Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan*

## *Toetsreeks teen Wallis lewer twee nuwe helde op*

# Namibia nou wêreldkrag

NICO HORN

NAMIBIA het homself verlede Saterdag stewig as 'n krag in wêreldrugby gevestig. Hy het weliswaar die tweede toets teen Wallis met 34-30 en die reeks met 2-0 verloor, maar genoeg gedoen om te bewys dat hy nog diep spore in die internasionale arena gaan trap.

Namibia was vir sewentig minute van die tweede toets die beste span op die veld, maar twee onnodige insinkings - een halfpad deur die eerste helfte en die ander kort na rustyd - het hom die wedstryd gekos, deurdat Wallis twee onverdiende drieë gedruk het.

Die reeks het twee nuwe sterre opgelewer: Jaco Coetzee en Ben Swartz.

Veral die twintigjarige Coetzee, wat as plaasvervanger vir die geskorste Andre Stoop op heelagter gekies is, het gewys dat hy in 'n speler van wêreldgehalte kan ontwikkel.

Hy het nie net met al vier sy pogings pale toe geslaag nie (wat 'n reuse skepskop van 55 meter en 'n doelskop uit die hoek ingesluit het) maar ook 'n groot aandeel in twee van sy span se drieë gehad.

Sy tydsberekening op die aanval is onverbeterlik en sy vaart maak hom uiters gevaarlik. Boonop vang hy hoë balle met die grootste selfvertroue en verdedig hy goed.

Alles dui daarop dat hy vorentoe net kan verbeter. Hy is eintlik 'n losskakel wat maar onlangs na die laaste vesting toe geskuif is. Sy posisionele spel, wat verlede Saterdag nie altyd was na wens was nie, sal met ervaring regkom.

Gelukkig was die ervare Gerhard Mans altyd byderhand en sy briljante dekverdediging het Coetzee se taak aansienlik vergemaklik.

Rugby-geesdriftigs wat nog nostalgies oor HO de Villiers praat sal van Coetzee se spel hou. Hy gaan een van Namibia se grootste rugbyhelde word.

Ben Swartz is 'n linkervleuel in die tradisie van Hennie van Zyl en Cora Dirksen. Daar is vandag maar min vleuels wat hul teenstanders met krag en vaart buite-om klop. Swartz gaan dié byna vergete tradisie laat herleef. Sy verdediging is nog nie wat dit moet wees nie, maar dié kan hy uitstryk.

Niemand het egter beter gespeel as Mans nie. Hy is nie die soort vleuel wat wag vir hardloopkans nie - hy skep sy eie kanse en duik sommer tussen die senters op om die man oor te bewerkstellig. Een so 'n aanval het op 'n drie vir Swartz uitgeloop.

As die Namibiane nog deel van die Suid-Afrikaanse rugbybestel was, sou niemand Mans vanjaar uit 'n Springbokspan kon hou nie.

Shaun McCulley het weer 'n ongelukkige dag beleef. As Moolman Olivier môre 'n stewige vertoning vir Namibia se B-span teen die Franse lewer, speel hy volgende week in die toets.

Die senters klou albei te lank aan die bal en 'n man soos Danie van der Merwe, wat die vleuels vinniger in besit sal stel, is dalk 'n beter keuse as Vince du Toit of Johan Deysel.

Voorlangs het Theo Oosthuizen verlede Saterdag 'n bars gespeel maar sy medelosvoorspelers kom nie by die breekpunte uit nie. Waarom is die keurders kwaad vir Willem Maritz? Hy is die beste kantman in Namibia, maar het nie eers die B-span vir môre se wedstryd gehaal nie.

Hulle sê hy is nie fiks nie. Dan moet hulle hom mos fiks kry! Sy talent kan tog nie so vermors word nie.

Namibia se lynstaanspel het darem verlede week 'n bietjie beter gelyk, maar Arra van der Merwe, Sarel Losper en Alex Skinner het in die tweede helfte sleg uitgesak.

Teen die einde het Wallis na willekeur balle op Namibia se ingooie gewen. Hulle sal nog harder aan dié afdeling van die spel - en hul fiksheid - moet werk. Henning Snyman, die afrigter, het juis oor hul fiksheid gekla.

Die Franse het Woensdag hier aangekom te midde van 'n bietjie omstredenheid oor Namibia se spankeuses.

Die regering wil hê dat die keurders voortaan net Namibiese burgers vir nasionale spanne moet oorweeg, wat sal beteken dat hulle vinnig plaasvervangers vir McCulley (én Olivier), Basie Buitendach en Theo Oosthuizen sal moet vind.

Die Namibiese Rugbyunie is egter vol moed dat hulle die regering tot nuwe insigte kan bring.

Die Internasionale Rugbyraad vereis nie burgerskap nie, maar slegs permanente verblyf in die land waarvoor 'n speler in 'n toets uitdraf.

John Robbie, 'n Ierse burger, was onlangs 'n Springbok-reserwe en die Nieu-Seelander Graham Thorne het in die vroeë jare sewentig 'n plek in die Bokspan rakelings misgeloop.

Die storm om die Suidweslied het ook byna gaan lê. Dié sage het verlede naweek 'n interressante wending geneem toe die Polisie-orkes die lied gespeel het voordat die spelers op die veld verskyn het.

Toe die spelers eers op die veld was, is net "Land of our Fathers" gespeel.


Namibiane wat nie van die Suidweslied hou nie omdat hulle dit met die vorige bestel vereenselwig, het hulle nou maar by dié tradisie berus.

Namibia speel deesdae hope rugby. (Benewens die Franse kom Duitsland nog vanjaar en Namibia gaan ook in Engeland toer). Hopelik sal dit nuwe talent ontgin.

Die briljante rugby wat hier op skoolvlak opgedis word, laat 'n mens beslis moed skep vir die toekoms.

Vir 'n land met 700 rugbyspelers en 'n span wat so onlangs as 1984 in die Sport Pienaarreeks rondgeploeter het, was hul vertoning teen Wallis fenomenaal.

Hou dié bulletjies dop!



Gerhard Mans, onbetwiste speler van die reeks


ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

**Vrye Weekblad**

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Elsabé Wessels, Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar, Kee-Leen King**
**Administrasie en verspreiding: Kee-Leen King**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetesi, Vernon Zulu, Hazel Woodward**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Elsabé Wessels. Tel (021) 24 8049**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**


Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

*'Bontes sal nie bure-oorlog oorleef nie*

# Einde van pad vir Transvaal



Jannie Breedt



Naas Botha

**TINUS HORN**

NOORD-TRANSVAAL gaan stellig môre op Loftus sy buurman, Transvaal, se kanse in vanjaar se Curriebeker-reeks finaal beëindig.

Die Rooibontes het reeds teen Natal en die Vrystaat verloor. Nog 'n nederlaag sal dit vir hulle bykans onmoontlik maak om Natal, wat nog onoorwonne is, en Noord-Transvaal, wat nog net teen die Oostelike Provinsie verloor het, in te haal.

En ten spyte van die feit dat Noord-Transvaal môre se wedstryd met twee reserwe-voorrymanne pak, lyk Transvaal se wenkanse maar skraal.

Gielie Swiegers en Donny Verster, wat die beseerde Jan Lock en Heinrich Rodgers vervang, het verlede jaar hul man deeglik teen die wêreldspan gestaan en het niks te vrees van Transvaal se skrum nie.

En selfs al verras die Rooibontes en klop die Noorde in elke afdeling van die spel, kan 'n mens maar daarop reken dat Naas Botha hul kanse sal beduiwel soos hy verlede week met die Vrystaat gemaak het.

Hy is darem vir jou 'n ergernis. Alles wat hy doen maak 'n mens kwaad, maar as hy so vassteek en ongeërg met die linkervoet 'n skepdoel deur die pale jaag nadat hy twee losvoorspelers ontduik het, kan 'n mens nie anders as om te dink dat hy 'n dekselse rugbygenie is nie.

Gelukkig vir die Bontes het Cameron Oliver sy selfvertroue herwin en sy skopvoet bied darem 'n teenvoeter vir Botha s'n.

(Dis maar 'n skrale troos: 'n mens moet eers binne 60 meter van jou teenstanders se pale kom voor jy met strafskoppe punte kan aanteken).

Transvaal se kaptein, Jannie Breedt, is besig om sy beste vorm te herwin (met Judex Burnett wat in sy nek blaas is dit seker nie verbasend nie). Sy knie bly egter 'n rede tot kommer.

Hy was teen Wes-Transvaal vroeg-vroeg al effens mank. Dalk maak hy nog vanjaar geskiedenis en word die eerste speler wat deur noodhulpmanne op die veld gehelp word.

Hoe kon Transvaal ooit vir Charles Pieterse weggelaat het? Te oordeel na verlede Vrydagaand se vertoning teen Wes-Transvaal, is daar nie 'n beter flank in dié provinsie nie.

Die Rooibontes se losmanne het egter dieselfe probleem as hul agterspelers: hulle sal waarskynlik die grootste deel van die wedstryd terugspeel, wat hulle sal verhinder om 'n noemenswaardige invloed op die gang van die wedstryd uit te oefen.

En dan is daar nog 'n ander faktor wat Noord-Transvaal van Transvaal onderskei: motivering.

Pierre Spies, wat goeie rugby vir Transvaal én Noord-Transvaal gespeel het, het die verskil tussen dié twee spanne só opgesom: "As 'n mens daardie ligblou trui oor jou kop trek, voel jy dat selfs die groen en goud jou nie trotser sou kon laat voel nie. 'n Wedstryd vir Transvaal is maar net nog 'n wedstryd..."

'n Ander kragmeting wat groot belangstelling gaande maak, is dié tussen die Vrystaat en die Westelike Provinsie op Nuweland.

Die Vrystaat, wat vroeër vanjaar na 'n sterk kandidaat in die wedloop om die beker gelyk het, is ná verlede week se nederlaag teen Noord-Transvaal ook vir alle praktiese doeleindes uit die prentjie. Die WP kan die nekslag môre op Nuweland toedien.

Die tuisspan is vinnig besig om reg te ruk ná 'n swak begin. Dié wedstryd sal 'n goeie aanduiding wees van wat ons vorentoe van die Streeptruie te wagte kan wees.

Veral die WP-agttal speel nou stukke beter as aan die begin van die seisoen. As die vaste manne kan voortbou op hul vertoning in die tweede helfte teen die OP, gaan hulle die Vrystaat heeltemal oordonder.

Natal, die enigste onoorwonne span in die reeks, lyk veels te sterk vir Wes-Transvaal. Beserings - eerder as 'n skoknederlaag - is die Piesangboere se grootste vrees.

Hulle pak Noord-Transvaal volgende naweek in 'n sleutelwedstryd en kan nie nou bekostig om spelers te verloor nie.

Op Olënpark speel die Wes-Transvalers altyd asof veel meer as net hul lewens van die uitslag afhang en Natal moenie 'n wegholsege verwag nie.

Dit kan 'n taai tweestryd wees, maar die Piesangboere sal die punte inoes.

In die Baai pak die Oostelike Provinsie Noord-Vrystaat, en behoort te wen en sodoende sy aanspraak op die beker te behou. (Dit is egter net 'n kwessie van tyd voordat Frans Erasmus se manne al hul goeie werk met 'n onnodige nederlaag ongedaan maak).

Noord-Vrystaat beleef 'n baie swak seisoen en sy ou kwaal - dat hy nie in wegwedstryde presteer nie - sal hom waarskynlik weer kelder.

## Johnny-hulle was tweede asem al in eerste ronde kwyt

**Johnny du Plooy se "comeback" teen die Amerikaner Lee Roy Murphy is deur die promotors as sy eerste tree op die pad na nog 'n wêreld-titelgeveg beskryf. Die naaste wat dié twee egter aan 'n geveg gekom het, was 'n titaniese gespook na suurstof. Johnny het sy tweede asem al in die eerste ronde gekry - en opgebruik. TIM SANDHAM was nie daar nie en hy's ook maar bly.**

BOP-TV se kommentator het Johnny du Plooy se "geveg" teen die Amerikaner Lee Roy Murphy verlede Saterdag by Sun City hier teen die agtste ronde raak opgesom: "He's whole attitude is saying 'I am tired, I've had enough, come knock me out."


Tot nou toe kon niemand nog uitwerk van wie dié kommentator eintlik gepraat het nie, maar dit maak nie saak nie. Dit was op albei van toepassing.

Die medici wat boks wil laat verbied omdat dit tot breinskade kan lei, sou geen bewyse vir hul saak tydens dié getjommel kon vind nie. Die enigste mense wat breinskade sou kon opdoen, was die arme toeskouers wat tien rondes lank na die klug moes kyk.

Niemand kan egter sê dat hulle nie gewaarsku was nie: al die gevaartekens was voor die geveg al daar.

Murphy het goed gelyk terwyl die "Star Spangled Banner" gespeel is, maar toe hy sy japon uittrek en sy maag uitplop het 'n mens onwillekeurig gewonder waarom hy nie sommer die woord PALOEKA op dié indrukwekknde bierpens laat tatoeëer nie.

Toe Johnny sy japon verleidelik afglip en losmaakoefeninge doen, het sy vlesige borskas heelparty toeskouers laat wonder of hulle nie dalk per abuis by 'n vertoning van "Lipstick" ingestap het nie.



**Lee Roy Murphy is teen die planke tydens sy geveg teen Johnny du Plooy verlede Saterdag. Het Suid-Afrika se uitklopkoning hom dalk platgeslaan? Moenie laf wees nie, hy rus net!**

Dit was sommer vroeg al duidelik dat Johnny geleer het uit sy uitklop-nederlaag teen Francesco Damiani: elke keer as Murphy sy hande in 'n nabootsing van 'n bokshouding opgelig het, het Johnny weggehardl...er....gekoes.

Die patroon was iets van dié aard: Murphy beur vorentoe, Du Plooy gee pad. Murphy jaag hom (maar nie juis asof hy hom wil vang nie). Du Plooy gee 'n tree na links en Murphy tref die toue. Hy bly sommer hang, soos 'n mens van rofstoeiers gewoond is, met 'n verdwaasde uitdrukking op die gesig.

By een geleentheid laat in die geveg trek Murphy los met 'n wilde haakhou (sy enigste van die ronde). Dis mis en sy momentum laat hom omtol en op sy sitvlak beland. Nóú is Murpy moeg. Hy leun teen die toue soos 'n dronkie teen 'n kroegtoonbank.

Hy's 'n oop teiken maar Johnny is net so moeg: hy waardeer die blaaskansie te veel om dit met 'n aanval te bederf.

Die grootste pret is vir die laaste ronde gebêre. Teen die verwagting in tref een van Murphy se houe. Volgens verwagting val Johnny. Teen die verwagting in bly hy nie lê nie, maar slaan bolmakiesie en kom met 'n harde plof op sy agterstewe te lande.

Langs die kryt kan Stan Christodoulou nie besluit of hy moet lag of van verleentheid agter sy stoel inkruip nie.

Johnny word toe as wenner aangewys. (O. Aktiewe deelname is dus nie 'n voorvereiste nie).

Die Boksbeheerraad het onlangs Paul Toweel se prysgeld weerhou omdat hy nie hard genoeg probeer het nie.

As die Raad konsekwent was in sy optrede, sou Du Plooy en Murphy nie só gelukkig gewees het nie: hulle sou moes inbetaal.

* Pierre Coetzer het darem oortuigend gewen en nuus uit sy kamp is dat hy nou reg is vir sterker teenstand: Sy volgende geveg is teen 'n slaansak.

Vrydag

onder redaksie van

ANDREA VINASSA

# New York artist recalls ANC activist

HANS HAACKE is a prominent New York artist. He has actively been exhibiting in both Europe and America since the early sixties.

In 1971, Haacke became the focus of much debate when the Guggenheim Museum in New York refused to install the three works that they had invited Haacke to produce. The work that caused the most contention was "Shapolsky et al. Manhattan Real Estate Holdings, a Real-Time Social System as of May 1, 1971" which itemized, in the form of photographs and texts, the property holdings of a Manhattan landlord.


Haacke's work transgresses the traditional boundaries between art and politics. The socio-political documentary nature of his work has frequently been accused of lacking aesthetic merit. It is precisely in this blatant disregard for aesthetic and political boundaries that Haacke's work is the most effective. He challenges the viewer's ideological position through his transgression of categories, often using mass media imagery and found objects to make his point.

In the past Haacke's work has frequently dealt with the subject of South Africa. It was for this reason that KENDELL GEERS invited Haacke to exhibit a work of his within the pages of the Vrye Weekblad. He kindly responded, giving us permission to publish 'ONE DAY THE LIONS OF DULCIE SEPTEMBER WILL SPOUT WATER IN JUBILATION'.

# One day the lions of Dulcie September will spout water in jubilation, 1988/1989




*An installation at an international group exhibition entitled "Magicians of the Earth" held in Paris last year*



THE flag, titled 'Apartheid', was first exhibited as part of 'Gran Pavese - The Flag Project: 50 Artists/50 Flags', on a dike near Rotterdam, The Netherlands. The collection of 50 flags were later exhibited in public places in Frankfurt, Paris and on Tiananmen Square.

The upper part of the flag is the flag of the African National Congress. Black represents the black nation, green the land, and gold the mineral resources of South Africa. The lower part of the flag, tied in a knot, has the colours of the flag of the Republic of South Africa.

For 'Magicians of the Earth' the 'Apartheid' flag was hoisted on a Napoleonic fountain in front of the exhibition hall at Parc La Villette in Paris. The large, lower basin of the fountain was filled with black water, the lions were painted gold, and the shaft of the fountain, with its upper basins in the shape of a palm tree, were painted green.

Dulcie September was the ANC representative in France. She was assassinated in Paris in 1988.

The 'Apartheid' flag was part of the supporting material submitted in an *amicus curiae* brief, signed by 16 artists in 1989. The artists had joined for the defence of freedom of speech in a flag "desecration" trial before the US Supreme Court. The Court eventually ruled that burning the American flag was a lawful exercise of First Amendment rights.

# The right to broadcast

*Following the government's recent appointment of a securocrat/Broederbond-dominated task force to investigate the restructuring of broadcasting in South Africa, the Film and Allied Workers Organisation (Fawo) has urgently called for broadcasting to be placed on the agenda for negotiations between the government and the African National Congress. In a research paper on broadcasting MICHAEL MARKOVITZ gives a brief overview of the restrictions on broadcasting in this country; places the debate about the control of broadcasting within a constitutional/bill of rights framework and outlines the need for a broadcasting charter to protect the right of local and community broadcasters to operate in a post-apartheid South Africa. Here are some excerpts from the paper which was presented at a Fawo forum last Saturday*

BROADCASTING'S powerful ideological role in the late twentieth century has made unflinching state control almost inevitable. This is particularly true where governments rule without a democratic mandate from the majority of their people.

In South Africa we have a state and constitutional structure that has represented a small fraction of the people in this country since 1910.

That same minority has also legislated relentlessly and, for the last eighty years, thousands of statutes have poured out of Parliament in both official languages - now at an average of about 100 statutes a year.

Many of these have been designed specifically to narrow the population's world view to the diameter of the National Party logo. Decades of media censorship have produced an ignorant, racist and fearful white population, the majority of whom now seem to be suffering from severe political shock following recent events.

## Censorship

Unfortunately the literature and campaigns fighting media censorship focussed almost exclusively on those statutes and regulations that censor or prohibit information. Therefore, we often hear the demand for freedom of the press, but seldom hear people demanding the right to broadcast.

Essentially, those who control broadcasting activities in any society do so with the power to issue broadcasting licences. In South Africa this power is circumscribed by the two statutory pillars of our broadcasting sector - the Radio Act of 1952 and the Broadcasting Act of 1976.

The Radio Act is technically under the control and direction of the Minister of Posts and Telecommunications although political control essentially rests with the Minister of Home Affairs and National Education, Gene Louw.

The act provides for, amongst other things: the appointment of a very narrowly constituted Radio Advisory Board (RAB), with securocrat presence, to advise the Postmaster General on matters relating to the control of radio activities. Interestingly, it also provides for: the effective nationalisation of radio stations, albeit with compensation, and more importantly, for stringent provisions and procedures for the granting of licences.

## Frequencies

Before a broadcasting licence is granted, the state will determine: the frequencies that may be used by the station; the power limitations of the station, and the conditions that a station must comply with in order to operate. It was in terms of this provision that conditions were issued prohibiting M-Net from broadcasting "news bulletins or politically controversial programmes".

Penalties in terms of the act - a R500 fine or six months' imprisonment and confiscation of equipment - have seldom been invoked against pirate operators or political organisations. We simply don't have a recorded history of illegal broadcast activities.

Broederbond/National Party control over the SABC has been well documented. This control is exercised through the Broadcasting Act which is the formal legislative link between the ruling NP and the board of the SABC.

The State President is empowered by the constitution to assign the control of broadcasting to himself or any minister he chooses.

The all-powerful SABC board, which is hand-picked by the State President in consultation with the minister in charge of broadcasting, has included some powerful members of the Broederbond hierarchy over the years.

But this relationship has produced its fair share of scandals, cover-ups and golden-handshakes. Recently, the Hiemstra Commission revealed a working relationship between the SABC and Military Intelligence.

## M-Net

The appointment of a task force by Gene Louw to investigate the restructuring of broadcasting confirmed the strong ongoing relationship between the SABC, the Broederbond and the Departments of Defence and National Intelligence. The presence of M-Net's deputy general manager, J Stofberg. on the task force is conspicuous amongst an array of officials from the SABC, the Bureau for Information, the National Intelligence Service and the Departments of Defence, Home and Foreign Affairs.

It is hard to believe the SABC's claim that it is independent of government control.

The issue of restructuring the broadcast sector involves important questions of security force involvement, monopolies, privatisation, deregulation and freedom of expression. Both the Radio Act and the Broadcasting Act must be put on the constitutional agenda in the same way as apartheid and the security legislation.

The members of the task force reflect the unrepresentative nature of the NP's base and, for this reason, has no democratic right to be entrusted with the task.

## Moratorium

The demand for a moratorium on broadcast sector restructuring is not an expedient attempt to keep the forces of privatisation at bay so new rulers can take control of the old broadcasting monolith.

This demand arises out of a common desire for freedom of expression in a less centralised, less commercialised but more personal and participatory social order. An open and democratic media is an essential element within the infrastructure of such a state.

Fawo, contrary to progressive opinion, has not taken a position on privatisation per se, but has merely called for a moratorium until broadcasting is placed on the constitutional agenda.

Nevertheless, the privatisation and deregulation of the broadcast sector may not be a bad thing for democracy in this country. It is not inconsistent to be opposed to the privatisation of postal, health and transport services on the one hand, and to be cautiously in favour of the privatisation and deregulation of broadcasting on the other.

It can never be to the benefit of any society if a state has too much control over the broadcasting sector. International experience suggests that the temptation to totally control the airwaves can become endemic.

But the process of privatisation and deregulation depends largely on who manages it and how it is managed. The securocrat/Broederbond presence on the task force makes restructuring unacceptable within the present constitutional situation.

In place of the task force, I would suggest, as an interim measure, that section 10 of the Broadcasting Act be used to appoint an independent advisory board to monitor the conduct of the SABC during the transitional process.

The lack of an interim measure in Namibia has resulted in political conflict at the Namibian Broadcasting Corporation. The Minister of Information, Hadipo Hamutenya, recently said that "the NBC management is overwhelmingly white, Afrikaner and male". He added that if this state of affairs is allowed to persist "we can be very sure that this will bring a revolt from the disadvantaged black majority".

## NBC

NBC, formerly SWABC, is the illegitimate child of the SABC. It is not surprising that the SABC board and the task force is also "overwhelmingly white, Afrikaner and male".

In this context, M-Net's presence on the task force also needs to be questioned. Times Media Limited and the Argus Company have large shares in the pay-TV station. All the signs indicate that big business is prepared to do a deal with the government in carving up the broadcast sector before a democratic government is elected.

A private sector monopolisation and commercialisation of the airwaves is also incompatible with the extension of freedom of expression and we will need anti-media-monopoly laws in the future to prevent this from happening.

The emergence of a community broadcasting network is essential for the developmental, educational and cultural needs of a post-apartheid SA and will also lead to greater freedom of expression on all levels.

## Bill

It is crucial that freedom of expression, with specific reference to broadcasting, is constitutionally protected in a Bill of Rights.

In most democratic countries, the job of interpreting constitutional guarantees of fundamental rights is usually entrusted to an independent judiciary. It seems clear that both the ANC and the NP want a constitutionally-guaranteed Bill of Rights to be safeguarded by an independent judiciary.

What isn't clear is the proposed content of the Bill of Rights. At the moment, the content is up for grabs, as is the extent of its constitutional guarantees and protections. We can therefore all contribute, in some way, to the construction of a Bill of Rights and ensure that particular freedoms are included in the final document.

As can be seen from the ANC's Constitutional Guidelines and the Namibian Constitution, freedom of the press and freedom of expression are guaranteed in a vague manner, without specific reference to broadcasting.

I think a combination of Article 10 of the European Convention on Human Rights and Article 13 of the American Convention on Human Rights could be the way forward. While the European convention states that the licensing of broadcasting activitites is not unconstitutional and also limits the exercise of freedom of expression in certain circumstances, the American Convention ensures that "the right of expression may not be restricted by indirect methods or means, such as the abuse of government or private controls over newsprint and radio broadcasting frequencies etc."

We need more clarity on whether the denial of a broadcast licence infringes freedom of expression and thus the right to broadcast. I believe that it would.

## The rights of community broadcasters

Finally, it might be helpful to briefly outline how the granting of broadcasting licences could be administered in a post-apartheid SA.

Any broadcasting activities will obviously be subject to the common law crimes of defamation, crimen injuria and a community radio station would need to come to their own arrangements with any body with a copyright interest in the programmes.

To apply for a broadcasting licence, the station would have to supply the Minister of Home Affairs with the necessary details including: target audience, proposed operating capacity, proposed frequency and hours of transmission and evidence of public support.

The onus should be on the minister to demonstrate why a prospective broadcasting service should not be given a licence rather than on the station to demonstrate why it should be given one.

If the minister refuses to grant a licence that station should then be able to institute a Supreme or Constitutional Court action against him.

> *'It can never be to the benefit of any society if a state has too much control over the broadcasting sector'*



Vrye Weekblad, 15 Junie 1989

